En Jou Saad Sal Die Poort Van Sy Vyand In Besit Neem

Ek is, soos gewoonlik, 'n uur of twee laat. Die pastoor het opgestaan, gesê: "Nou wil ek julle voorstel aan die oorlede [Eng. "late"—Afr. "laat."—Vert.] Mnr. Branham." Wel, ek het baie dinge om te doen so ek—ek raak net nou en dan laat. Maar hierdie keer kon ek dit nie help nie. Dit was as gevolg van die weer wat ek dit hierdie keer gedoen het. Ek kan die weer daarvoor blameer en daarmee wegkom. Moes dit net 'n klein bietjie uitstel, Broer Rose. Goeiemôre, Suster Rose. En bly om hierdie oggend hier te hê, Broer Rose en Suster Rose, en Broer Sharritt, en die vele broers, julle gawe mense daarbuite.

2 Ek hoor dat, iemand sê my: "Wanneer dit in Phoenix reën, bly almal net in die bed," so 'n verandering, julle weet. Een van hierdie dae gaan ek 'n gratis maaltyd kry. Hulle sê vir my jy kan 'n gratis maaltyd kry elke dag wat die son nie skyn nie. Ek gaan dit dophou vandag, hulle laat betaal daarvoor.

3 Ek het gisteraand gepreek, buite by 'n sekere kerk. Ek onthou nie regtig die naam daarvan nie. En so, ons het 'n wonderlike tyd gehad, gisteraand, buite by die diens. En oorkant na Broer Outlaw s'n, en bo na Tempe, en ons het net 'n lekker tyd in hierdie gemeenskap. En ek verwag om al hierdie predikerbroers te ontmoet by die konvensie, sodat ons net soort van tyd sal hê om te ontspan, Broer Rose, en met mekaar praat. En dis waarvoor ek gekom het, is om gemeenskap te hê. En ons het. . . kyk na ons skedule en vind soveel plekke. Maar ek het gedink dit was die grootste geleentheid, omdat ek die verskillendes kon—kon ontmoet, om hulle te kon sien en verbygaan.

4 Partykeer in prediking, elke prediker word misverstaan, op een of ander manier. Baiekeer, neem mense iets wat jy sê en sal net soort van. . . Dit leun 'n bietjie oor na hulle toe, so hulle sal dit so sê. En as die volgende een dit kry, leun dit nog 'n bietjie verder. Eerste ding waarvan jy weet, is dit heeltemal uit verband uit.

5 So—so ons, baiekeer, in prediking, kom ek soort van af op denominasies en organisasies en dinge. Dan sê mense partykeer: "Broer Branham is teen 'n organisasie." Dis verkeerd. Ek is nie teen enige organisasie nie. Maar dis soveel keer dat mense net staat maak op daardie organisasie, julle sien, en hulle hoop daarop plaas in plaas van op Christus.

6 Hulle wil sien hoeveel lidmate hulle kan kry vir daardie organisasie. Nou, dis baie goed. Ek—ek. . . Dis alles reg. Ek dink dat elke organisasie behoort elke lidmaat te kry wat hulle kan

kry. Dis baie goed. Maar wanneer jy die ongeredde begin inneem en meer daarop plaas as wat jy doen op die klem van die Heilige Gees, soos Broer Rose hier 'n tyd gelede gesê het, en dinge, dan kry jy—kry jy dat die mense dink: "Ons behoort aan *hierdie*, en ons behoort aan *daardie*." Op die ou end, behoort ons almal aan God. Sien?

7 Nou, as ek 'n man in die rivier sien afgaan in 'n boot. En ek woon langs 'n rivier in Indiana, die Ohiorivier, en ek is reg langs die valle. Dis 'n baie bose plek, daardie valle, want dit sal jou sommer gou laat verongeluk. As jy ooit oor daardie valle gaan, is daar geen boot wat dit kan trotseer nie, want dis so, omtrent 'n veertig- of vyftig voet regaf val, en dan kom 'n groot draaikolk op aan die onderkant, wat dit reguit slaan teen die rots, die rotsbodem daar. En ek reken die—die—die kruine, die witkruine, slaan op onder die valle teen veertig voet hoog, sien, waar dit tref, weer opvlieg. En hou dan net aan tuimel soos daardie, en gaan ondertoe in 'n groot stroomversnelling wat omtrent sestig- of sewentig voet diep is. En daarbinne is 'n draaikolk wat dit na *hierdie* kant toe draai, en dit uitbring en afgaan deur 'n kanaal. Daar is net geen manier om dit ooit te oorleef nie, julle sien.

8 'n Man het hier afgegaan 'n tyd gelede met 'n reddingsbaadjie aan. Hulle het eers die ding gesien toe hy geval het, soos *daardie*. [Broer Branham het sy vinger geklap—Red.] Selfs die reddingsbaadjie, daardie verskriklike stroom het hom net reg ondertoe geneem. En hom nooit gevind nie. Nooit geweet wat van hom geword het nie. Hy het vasgehaak aan die rotse of rante daar onderin, miskien 'n myl of twee rondom, soos daardie, en geen manier om te oorleef nie.

9 En as ek iemand sien afgaan in die rivier met 'n ou klein bootjie, sien hulle lees, gaan aan, en begin skree vir hom: "Kom uit daardie boot uit. Daardie boot sal nie in staat wees om daardie rimpelings te trotseer nie." Nou, dit is nie dat ek enigiets teen daardie man het nie, selfs as ek hom moet uitskel en baie hard met hom moet praat. Dit is nie dat ek enigiets teen die man het nie. Ek is lief vir die man, maar ek weet hy gaan verongeluk. Dis hoekom ek op hom skree. Want hy's nie . . . Dis omdat ek hom wel liefhet, is—is waarom ek skree. As ek nie omgegee het nie, sou ek sê: "Wel, vergaan maar," gaan aan, sien, as ek nie omgegee het vir hom nie.

10 Maar die rede waarom ek daardie dinge sê, is omdat ek 'n yweraar is vir die Kerk. Ek—ek's 'n yweraar vir God se Kerk. En ek—ek haat om te sien dat Dit net organisasie-gesind word. En ek ken daardie trant dat dit is hoe elke kerk ten gronde gegaan het, net soos daardie, reg af deur daardie organisasie trant.

11 Dink net aan die herlewing in die tyd van die Lutherane, kyk waarheen dit gegaan het. En sodra dit dit bereik, staan dit nooit weer op nie. Die Lutherane het nooit weer teruggekom nie. Kyk

na die Wesleyaanse Metodiste, het nooit teruggekom nie. Kyk na die Pelgrim Heiligheid, Nasaréners, al die res van hulle, Baptiste, Presbiteriaan. Hulle het 'n herlewing gehad, en dan staan een man op met die krag van God op hom, hy begin 'n beweging in die Gees. Dan, sodra die man weg is, dan begin hulle 'n organisasie van daar af.

12 Soos die Moody Bybelinstituut, goeie plek, maar dit sal nooit wees soos Moody dit gehad het nie. Sien? En die dinge waarvoor Moody gestaan het, hulle is 'n miljoen myl daarvan af, so daar het julle dit. En nou is dit alles intellektueel, waar Moody dit op die Gees gehad het, julle sien. En so vind julle—julle dit uit, in daardie dinge.

13 Nou, toe ek eers begin het, en hier na Phoenix toe gekom het, jare gelede, in die Pinksterbeweging, het 'n geleentheid gehad om self 'n organisasie te begin. Die Spadereën broers het na my toe gekom, gesê: "Hier is dit. Laat ons begin. Wel, ons sal—sal groter as al die res van hulle wees."

14 Ek het gesê: "Genade! Dis nie dit nie. Dis nie—dis nie die ding nie, broers. Julle—julle is 'n miljoen myl van die—van die pad af. God sal dit nooit seën nie." Lees julle geskiedenis. Lees die Bybel. Daar sal nooit nog 'n organisasie daaruit kom, wat hieruit kom nie. Dis reg. Hierdie sal organiseer en ingaan in . . . Dis die Loadicése toestand nou. Maar ek sal jou sê, broer, daar is geen God-geseënde organisasies wat sal opkom nie. Daar sal niks van hierdie wees nie. Ons is by die Koms van die Here. Sien? En God sal die oorblyfsel uit hierdie groot ekumeniese beweging neem, wat nou aangaan, vir die Bruid, maar daar sal nooit niks meer, geestelik, organiseer nie. Sien? Dis verby.

15 Wanneer ek my broers, kosbare broers, daardie kant toe sien leun, dan gooi ek dit net in met alles wat ek het. En partykeer sê broers: "Wel, Broer Branham is teen ons. Ons is . . ." Dit is verkeerd. Goeiste! Dis—dis die verste ding waaraan ek dink, is om teen enigiemand te wees. Ek's—ek's vir julle. Ek's julle broer, sien, en probeer my beste. En dis waarom ek nooit by enige organisasie aangesluit het nie, sodat ek in die bresse kan tree en sê: "Broer, moenie. Dis nie die manier nie."

16 Hulle sê: "Ons behoort aan die Gemeentes." Dis wonderlik. Die Gemeentes van God was 'n groot seën vir my. "Ons is die Vierkant." Wel, kyk watter seën was hulle vir my. "Ons is die Jesus Naam." Kyk watter seën was hulle vir my. "Ons is *die*, die *ander*." Wat ook al, hulle is almal seëninge. Hulle—hulle is God se mense. Sien? En God se mense is in dit alles.

17 En wanneer ons begin om onsself te assosieer, te sê: "Ons is net 'n bietjie beter hier as die Kerk van God," julle sien, of: "Ons is 'n bietjie beter as die Vierkant of die Jesus' Naam," of so-iets soos daardie. Wanneer ons net 'n . . . Ons mag 'n bietjie verskil van idees. Ons het almal gaan middagete eet vandag. Ons hou

almal van verskillende pasteie, maar ons eet steeds almal pastei, julle sien. Dis die idee. So die idee daarvan is, as—as ons net ons gemeenskap kan sien. So moenie gaan leun na die organisasie nie. Leun na Gólgota. Jy gaan dood vir hierdie ander dinge. Sien? En ek glo wel . . .

18 Laat my dit sê terwyl ek daaraan dink. Ek glo wel dat 'n organisasie 'n goeie rol gespeel het. Want, daar's baie kere, broers, so erg as wat ons daaraan kan dink, daar het dinge onder ons opgekom, en sulke dinge, wat kettery was. En mense sal net daardie ketterye neem en die mense oral heen verstrooi. En 'n groep broers kom bymekaar wat . . . wat ek . . . Wat ek bedoel is om uit te gaan soos hulle in die vroeë dae het en allerhande dinge. En—en ons het dit alles nogsteeds vandag, sien, wat net steeds aanbeweeg. En mense wat hulleself kan byeenbring . . .

19 Die ware prentjie van Pinkster, volgens my opinie, wanneer dit by organisasie kom, is die—die kerk, Broer Pethrus, die Filadelfiese kerk in Swede. Nou, hulle gee nie om watter soort doktrine jy het nie, solank dit Skriftuurlik is. As jy dit op *hierdie* manier wil sien, *daardie* manier, of enigiets, solank jy gemeenskap het en regte skoon heilige lewe ly. Daar het julle dit. Dis goed. En as jy wil sê Jesus kom op 'n wit perd, en die ander een het gesê Hy kom op 'n wit wolk, verwag Hom op daardie manier. Gaan net voort, solank jy 'n goeie skoon lewe ly en gemeenskap het. Dis die manier. Dis reg.

20 Dit, wel, nou, dis een rede, vriende, dat ek by hierdie Sakemansgroep is. Want, ek weet daar's baie dinge daarin wat behoort reggemaak te word. Maar dis die—dis die beste wat ons het. Ja. Dis reg. Ja. Daar's baie dinge wat ek sal moet sê. En—en julle, die broers hier sal julle vertel, ek hou nooit enigiets terug van hulle nie. Ek's hier as God se dienaar, om die Waarheid te vertel. En ek moet daarvoor antwoord. Dis reg. Broer Rose het gesê: "Dis hoekom ons van jou hou." Wel, daardie—daardie, wel, ons kan nie . . . Ons, ons moet bly by hierdie Woord. Sien?

21 Net 'n tyd gelede, dink ek, was jy in . . . Ek was oorsee, of oorkant in die eiland verlede jaar, en hulle het 'n byeenkoms gehad, en party van die broers het gespog met hierdie groot byeenkoms waar hulle die sakemanne gehad het, van oor die land. En hulle het gepraat van: "Ek het 'n klein plekkie onder op die hoek gehad. My besigheid het nie goed gevaar nie. En ek het 'n verskriklike tyd gehad. En die eerste ding wat jy geweet het, het ek—ek ingekom om Christus te ontvang, en—en, o, ek het nou alles." Nou, dis goed. Ons waardeer dit. Dis goed, maar voorspoed beteken nie altyd Christus nie. Daardie, sien, ons moet dit dophou. Nou, dis goed. Sien? Ek . . . Niks daarteen nie.

22 Maar ek het soort van die broers bygekom daardie aand. Ons het afgegaan na die motel waar 'n—'n groep van ons gebly het, en Broer Shakarian en almal van ons. En ek het gesê: "Wel," het ek

gesê: "broers, ek gaan julle sê." Ek het gesê: "Ek—ek dink julle broers is die beste groep mans wat ek nog ooit in my lewe ontmoet het. Maar," ek het gesê: "die ding daaromtrent is," ek het gesê . . .

23 Ek behoort nie aan enige organisasie nie, maar ek behoort aan daardie gemeenskap daarvan. Ek dra 'n gemeenskapkaart van hulle, die enigste kaart wat ek dra, want dit verteenwoordig al die organisasies, julle sien. En dis waarvan ek hou. Dis waarna ek streef.

24 "Maar," ek het gesê: "die ding wat my bekommer, dat julle broers, voor daardie mans daaronder, wat 'n duisend maal voorspoediger is as wat julle is, en hulle dan te probeer vertel dat Christus voorspoedigheid is. Moet nooit probeer om dit aan hulle te verkoop nie." Sien?

25 Moet nooit probeer vergelyk met die wêreld nie. Laat die wêreld oorkom op ons gronde. Moenie oorgaan op hulle grond nie. Sien? Sien? Julle oorgaan op hulle grond, sal ons nooit skyn op hulle grond nie. In elk geval, die Evangelie skyn nie; dit gloei. Hollywood skyn. Die Evangelie gloei. Daar's 'n groot verskil tussen gloei en skyn.

26 En so, nou, en ek het gesê: "Die vroeë Pinksterbroers wat iets gehad het, het probeer ontslae raak daarvan, en die armes voed, ensovoorts soos daardie, en het uitgegaan met niks, sien, om die Evangelie te verkondig, om te assosieer." Ek het gesê: "Nou probeer ons spog oor hoeveel ons het." Ek het gesê: "Wat 'n verskil is dit!"

27 En een kosbare broertjie, na 'n paar minute het hy opgestaan, vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, dit was een van die grootste foute wat mense ooit gemaak het."

28 En ek het gesê: "Nou, kyk, broer, ek het nie probeer skimp vir mense om te verkoop wat hulle gehad het nie. Maar ek probeer net 'n punt maak aan hierdie sakemanne."

Hy het gesê: "Dit was die grootste fout, die mense."

29 Ek het gesê: "Hulle het dit gedoen deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees het vir hulle gesê om dit te doen." Die Heilige Gees vir enigiemand vertel om enigiets te doen, doen jy wat Hy vir jou sê om te doen.

30 En hy het gesê: "Wel, dit was die ergste fout wat die kerk ooit gemaak het."

31 Ek het gesê: "Hoekom, broer?" En net daar voor die man met wie ek gepraat het.

32 Hy het gesê: "Want, sodra daar 'n klein verskil voorgekom het in die kerk daar, daar was 'n verskil tussen die Grieke en die—en die Hebreërs, ensovoorts," gesê: "het daardie mense nie 'n plek gehad om na toe te gaan nie. Hulle het nie eers enige huis gehad om na toe terug te gaan nie."

Ek het gesê: "Net presies die wil van God."

Hy het gesê: "Hoe kon dit die wil van God wees?"

33 Ek het gesê: "Hulle het oral heen gegaan, die Evangelie versprei, omdat hulle geen plek gehad het om na toe te gaan nie."

34 Die Heilige Gees maak nie enige foute nie. Dit doen dit net nie. Dis al. En soos ek gisteraand gepreek het, jy moet net 'n houvas op God kry, en 'n houvas op Sy Woord kry, en reg daaraan vashou. Maak nie saak waarheen Dit jou lei nie, hou net aan om Dit te volg. Gaan net so aan.

35 Maar ek is beslis 'n—'n ondersteuner van hierdie Sakemansgemeenskap. En elke konvensie waarnatoe ek uitgenooi word, gaan ek altyd en preek, sê alles wat ek kan. Probeer nie net iets opmaak om iets te sê, wat iemand, *So-en-so* sal behaag nie. Maar elke keer wat ek na my diens toe gaan, probeer ek studeer en bid en vas, en sê: "Here Jesus, wat—wat kan ek sê wat daardie mense sal help."

36 Almal weet ek is nie 'n prediker nie. Ek's nie 'n spreker nie. Ek—ek's. . . Enigiemand weet dit. Ek's nie 'n prediker nie. My—my boodskap is bid vir die siekes, ensovoorts soos daardie. Maar, ek's nie 'n prediker nie. Enigiemand sou dit weet, wat, my hoor preek. Maar wat ek wel sê, ek wil die hou inkry wat iets sal beteken.

37 Nie om te sê: "Is hy nie 'n—'n kragtige spreker nie? Gebruik hy nie sy taal reg nie? Is hy nie wonderlik in die preekstoel nie?" Ek wil nie dit hê nie. Ek—ek kon dit nie doen nie. God het my nooit daarvoor geroep nie.

38 Maar ek probeer iets vind wat daardie persoon kan help, en daardie kerk 'n beter kerk laat wees, dit help om beter mense te wees, daaroor te bid.

39 Nou, ek het soort van gepraat, ek reken, want ek het nog 'n paar mense sien inkom, en met die reën. Dis waarom ek hierdie dinge gesê het. Nou, kwart oor.

40 En nou wil ek broer bedank. Ek ken Broer Fuller al vir 'n lang tyd, hom altyd liefgehad, die diepte van my hart. En ons het baie dinge in gemeen, Broer Fuller. En so ons. . . Ek het Broer Fuller nou gesien vir baie jare, en ek het hom geken as 'n regte egte man van God, en ek het hom lief. En ek is hier vanmôre om gemeenskap te hê. So jammer dat ek sy aand misgeloop het dat, toe dit geadverteer is in die plek hier, maar dit was iets wat ek nie kon verhelp nie. En ek is bly om vanmôre hier te wees, sy kerk te sien, mooi, hoe God hulle laat vooruitgaan het en hulle geseën het. En—en alles wat Hy vir hom gedoen het, ek waardeer dit beslis. Mag God voortgaan om hom te seën, en hierdie tabernakel te seën, en—en die—die trusteeraad, diakens, en al die lidmate van die kerk. En mag julle groei en vooruitgaan in die genade van die Here, is my nederige gebed.

41 Nou, voor ons die Woord nader, laat ons eers die Outeur nader. Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

42 Terwyl ons nou eerbiedig sit in die Teenwoordigheid van God, met ons hoofde en harte gebuig, is daar 'n versoek in jou hart, daardie iets waaraan jy behoefte het, wat jy wil hê die Here moet vir jou gee, dat ek jou kan onthou in gebed vanmôre hier by die kerk? Sal jy dit net bekend maak deur jou hand op te steek? Hou dit net in jou gedagte, wat dit is. Die Here skenk aan elkeen van julle julle versoek.

43 Genadige en heilige Vader, God, Wat alle dinge deur Jesus Christus geskape het, tot Sy eer, ons kom in U Teenwoordigheid in vanmôre met danksegging in ons hart. En soos ons deur die reën gery het, en die winde waai, die reën wat val, bid ons, Hemelse Vader, dat U op ons die reën van die Hemel, die geestelike reën, die laat reën en die vroeë reën, saam sal uitstort, in ons harte vandag.

44 Ons bid, Vader, dat U hierdie kerk sal seën. Ons is so dankbaar daarvoor, vir sy pastoor, vir sy gemeente, vir die . . . 'n plek waar die mense kan bymekaarkom met 'n dak oor hulle kop en 'n lekker gemaklike sitplek om in te sit.

45 Ons gaan terug in ons gedagtes na die geskiedenis van hierdie vroeë Kerk, hierdie vroeë, apostoliese, katolieke Kerk, en kyk hoe hulle op rotsblokke of enigiets gesit het wat hulle kon, om die Woord van God te hoor, en dan op die vloer te kniel, en dit wat koud was en rots en grond, en daar hulle hande oplig na die Hemel en die Teenwoordigheid van die Heilige Gees geniet. Gee hulle so 'n vasbeslotenheid in hulle lewe totdat hulle in 'n leeukuil sal inloop, nooit eens 'n beweging maak nie, maar 'n glimlag op hulle gesig, na die Hemel kyk, in die wete, binne 'n paar minute, hulle in die Teenwoordigheid van Hom sal wees Wat hulle liefgehad het.

46 O, geloof van ons vaders, wat steeds lewe, ten spyte van kerker, vlam en swaard. Hernu sulke geloof in ons, O Here. Gee aan ons die groot apostoliese seën van die Heilige Gees.

47 Elkeen vandag wat hulle hande opgehad het, U weet wat hulle nodig het, Here. U weet wat agter daardie hand was, watter motief en doelwit in daardie hart. U alleen kan elke behoefte voorsien, Here. En ek bid vir hulle, sonder om hulle behoefte te ken, maar met die aanbied van my gebed as 'n voorspraak vir hulle. As U dienaar, bid ek opreg vir elkeen, dat, wat hulle ook al gevra het, hulle mag ontvang. Seën hulle, Vader.

48 En nou, soos ons U Woord lees, en hierdie Sondagskoolklas onderrig, vanmôre, bid ek dat U hierdie Woorde sal neem en elke ongeloof van hulle sal afdop, Here; dat, enige krag van Satan wat dit sou probeer bedek, wat sal keer dat Dit groei. Mag dit in elke hart ingaan, en daar vrugtebome van geregtigheid word, Here. Geloof, dit sal laat voortbring wat U U Woord verordineer

het om voort te bring, te sê: "Dit sal nie leeg na My toe terugkeer nie, maar Dit sal bereik waarvoor Dit bestem was."

49 Nou, Here, heilig U dienaar. U Woord is alreeds geheilig. En, saam, mag ons in staat wees om die kudde te voed waarvan die Heilige Gees ons die—die onderwysers gemaak het. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

50 Nou, vir julle wat daarvan hou om partykeer te lees, saam met die—die Boodskap, sal ek. . . Ek vra julle, as julle saam met my sal blaai in die Boek. En ek het net 'n klein Sondagskoolboodskappie, soort van, vir die mense vanmôre.

51 Kan julle my goed hoor, oral, oral oor die plek? Ek het hierdie mikrofoon opbeweeg. Ek is net 'n bietjie hees. Ek, sodra ek hier gekom het, het ek griep gekry. Die duiwel het sy beste probeer om my weg te hou van hier af. Ek weet nie. Ek glo dat God beslis iets groot gaan uitstort op hierdie konvensie hierdie keer, omdat Satan alles gedoen het wat hy kon om my weg te hou daarvan.

52 Maar nou gaan ons uit Génesis lees, die 22ste hoofstuk. En julle wat in julle Bybel wil blaai, laat ons 'n gedeelte Daarvan saam lees. Génesis 22, kom ons begin by die 9de vers.

> *Toe hulle kom op die plek wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.*
>
> *Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag.*
>
> *Maar die Engel van die* HERE *het na hom van die hemel af geroep en sê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!*
>
> *En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.*
>
> *En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos aan* die *horings,* of *aan sy horings* liewer*; vasgehaak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer* op. . . in plaas van *sy seun geoffer.*
>
> *En Abraham het dié plek genoem: Die* HERE *sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die* HERE *sal dit voorsien word,*
>
> *Toe roep die Engel van die* HERE *vir die tweede keer na Abraham van die hemel af*
>
> *en sê: Ek sweer by Myself, spreek die* HERE, . . . *omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,*

dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslagte *grootliks sal vermeerder soos die sterre van. . .hemel en soos die* sande. . .*aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy* vyand *in besit neem.*

53 Ek wil die laaste frase daar as 'n teks neem: *En Jou Saad Sal Die Poort Van Sy Vyand In Besit Neem.* Dis 'n—'n wonderlike belofte.

54 Nou, ons is almal bekend met hierdie storie, dit miskien oor en oor gelees, keer op keer, van Abraham, en hoedat God hom uit sy land uitgeroep het, en hoedat hy net 'n gewone man was, niks spesiaal nie. Maar God het hom geroep en vir hom 'n belofte gemaak.

55 Nou, ek wil hê julle moet oplet dat hierdie belofte wat God vir Abraham gemaak het, nie net vir Abraham was nie, maar dit was aan sy saad na hom. Nou, baie mense sê: "O, as ek soos Abraham was, as ek was waar God met my gepraat het en—en vir my die versekering gegee het soos Hy vir Abraham het, dan sou ek gehad het. Ek—ek sou regtig geloof gehad het, Broer Branham, as ek net gehad het, as God met my gepraat het soos Hy het met Abraham." Maar jy het dieselfde belofte wat Abraham gehad het, dit is, as jy die Saad van Abraham is.

56 Dan sê jy: "Maar, Broer Branham, ek's 'n Heiden. Ek kon nie die saad van Abraham hê nie."

57 Die Saad van Abraham was nie die natuurlike saad nie. Dit was die geestelike Saad, want die besnydenis daarvan was niks. Die belofte, het Hy selfs vir hom gegee voor die besnydenis. Maar dit is aan hom gegee voor die besnydenis, en dit was nie omdat hy besny is en in die verbond met God op daardie manier nie. Is omdat Abraham God geglo het.

58 En die Skrif het gesê, dat: "Wanneer ons dood is in Christus, word ons Abraham se Saad." Paulus praat daarvan: "En hy wat 'n Jood is, nie in die openbaar 'n Jood nie, maar 'n Jood in die verborgene." Daarom, as julle gebore is uit die Gees van God: "is julle Abraham se Saad, en erfgename saam met Abraham volgens die belofte." Sien? Daarom is elke belofte wat God vir Abraham gegee het, joune, omdat jy geestelik Abraham se Saad is.

59 En jy's meer van 'n Jood as wat jy sou wees as wat jy gebore sou word in die Joodse bloed, en dan—en dan 'n ortodokse Jood in daardie kerk wees, en 'n ontkenner van hierdie kosbare Heilige Gees en die Here Jesus Christus. Sien? Jy's meer van 'n Jood, omdat jy 'n Jood is wat gebore is uit 'n belofte van die Hemel, wat God vir Abraham gegee het, en Abraham het dit aanvaar deur geloof, en dit is wat hom gemaak het wat hy was. In der waarheid, 'n Jood is net afsondering, en oorgegaan, Hebreër, ensovoorts soos daardie.

60 Nou, maar wanneer jy jouself afgesonder het van die dinge van die wêreld, daardie skeidslyn oorgesteek het, en vertoef in

'n vreemde land, 'n land waarin jy nie was, in die begin nie, saam met mense met wie jy nooit omgegaan het in die begin nie, dan word jy 'n geestelike Jood. Want, dieselfde manier wat Abraham het, deur geloof, sy land verlaat het, sy mense verlaat het, in 'n vreemde land ingegaan het onder vreemde mense. Jy het jou mense verlaat, die wêreld agtergelaat, jou kennisse agtergelaat, oorgegaan, deur die Bloed van Jesus Christus, en is reisigers, wat soek na 'n Stad Wie se Boumeester en Oprigter God is, soos Abraham was. Pelgrims, saam met Hom, wat woon in tente, kerke, medeburgers van die Koninkryk van die Hemel, erfgename van alle dinge deur Jesus Christus. Sien? Ons het oorgegaan, afgesonder.

61 Nou, Abraham, die belofte is gemaak aan Abraham en sy Saad na hom. Nou, God het hierdie belofte aan Abraham gegee, van sy Saad, sou die poort van sy vyand in besit neem, nadat Hy Abraham beproef het, Abraham getoets het. Nou, na die toetstyd gekom het, toe . . .

62 Abraham was alreeds bekeer, sou ons dit noem, van afgodediens na God. En toe het God hom die besnydenis gegee, as 'n teken van die Heilige Gees. Toe, na die besnydenis, toe het die toetstyd gekom.

63 'n Baie mooi tipe hier van die Kerk, nadat ons gered is, dan word vir ons die seël gegee van die beloofde besnydenis, wat nie van die vlees is nie, maar van die Gees. En die Heilige Gees is ons besnydenis. Dis God se skerp mes. Dit skei en sny die oortollige vlees, van die wêreld, van ons af. Die Woord van God, skerper as 'n tweesnydende swaard! So, julle sien, kom weer reguit terug. Die Woord van God is die ding wat die Heilige Gees gebruik; nie geloofsbelydenisse nie, nie denominasies nie. Maar die Woord is wat ons skei van die dinge van die wêreld. Dit sny ons idees en dinge af, en wy ons geheel en al aan God.

64 Jesus het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle." Daar het julle dit. Dan, is dit nie jou woord nie. Dis Sy Woord. Dan, julle sien: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra julle wat julle wil." Uh-huh. Sien? Wat dit is, jy spreek nie jou eie woord nie. Jy spreek Sy Woord.

65 So dan is die Heilige Gees die Een wat die Woord van God neem en ons skei van hierdie dinge van die wêreld, sien, besnydenis, afsny. Dan gaan jy deur 'n toetstyd.

66 Nou, Abraham, nadat hy uitgeroep is, die land van die Chaldeërs, die stad van Ur, het hy 'n pelgrim geword, 'n reisiger. En toe het God hom geroep, nadat hy bewys het hy sou aangaan en God op Sy Woord neem. Toe, wat God toe gedoen het, was om vir hom 'n teken te gee, dat Hy hom aanvaar het, en Hy het hom besny. En hy het Ismael besny en sy hele huishouding.

67 En nou sien julle, wanneer—wanneer jy uitgeroep word, eers gaan jy deur 'n beproewing, om te kyk of jy regtig gaan

voortgaan. En dan gee God jou die Heilige Gees, wat die teken is dat Hy jou geloof aanvaar het wat jy bely het jy in Hom het. Volg julle my nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy gaan dit aanvaar.

68 Nou, ek het gepraat met. . . Daar mag miskien sommige kosbare Baptiste broers hier sit. En almal weet dat ek uit 'n Baptiste kerk kom. Ek het gepraat met my Baptiste broer. En hy het vir my gesê: "Broer Branham?" Hy was 'n Doktor van Godsgeleerdheid, 'n goeie man, ware Christen. Hy het gesê: "Maar, Broer Branham, waar kry jy daardie doop van die Heilige Gees as enigiets anders as geloof in Christus Jesus?"

Ek het gesê: "Dit is anders, my kosbare broer."

69 Hy het gesê: "Dink jy nie dat wanneer jy Christus ontvang, jy die Heilige Gees ontvang nie?"

70 Ek het gesê: "Korrek. Maar," ek het gesê: "jy sien, jy bely net dat jy Christus ontvang het, totdat Hy dit erken."

71 Hy het gesê: "Broer Branham, Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken."

72 Ek het gesê: "Ja. Maar God het vir hom 'n teken gegee, dat Hy sy geloof ontvang het, toe Hy vir hom die seël van die besnydenis gegee het, dat Hy sy geloof erken het." Amen.

73 Nou, wanneer ons Christus as ons Verlosser ontvang, dan, as ons opreg is daarin, dan gee God ons 'n teken, dat Hy ons geloof in Christus ontvang het, deur ons die seël van die besnydenis te gee, wat die Heilige Gees is. Dis die seël van die besnydenis. "Bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle verseël is tot die Dag van julle Verlossing nie." Nie tot die volgende diens nie; maar tot die Dag van julle Verlossing. Dis reg, Efésiërs 4:30. Nou, dis hoe ons die Heilige Gees ontvang.

74 Nou, as jy sê: "O, ek's 'n gelowige," en God het nog nooit vir jou die Heilige Gees gegee nie, het Hy dit nog nooit erken nie. Jy bely net dat jy glo. Maar wanneer al die twyfel. . . Ek sê nou nie jy is nie 'n gelowige nie. Tot 'n sekere mate, is jy 'n gelowige.

75 Maar as God guns gevind het, jy guns gevind het by Hom, liewer, en Hy erken jou as Sy kind, en Hy ken jou hart, en Hy sien jou opregtheid, Hy weet alle dinge is weggesny van jou. Dan seël Hy jou in die Koninkryk van God in, deur die Heilige Gees, deur aan die wêreld te bewys dat Hy die geloof wat jy bely het om in Hom te hê, aanvaar het. Begryp dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

76 Nou, onmiddellik daarna, kom die versoeking. "Elke seun wat na God toe kom moet eers getugtig, beproef word."

77 Jesus, sodra Hy die volheid van die Gees ontvang het, op die rivier, toe Johannes Hom gedoop het, het die duiwel Hom onmiddellik in die woestyn ingeneem, om deur 'n tyd van beproewing te gaan. Maar toe Hy die Woord van God geneem

het en die duiwel oorwin het: "Daar staan geskrywe. Daar staan geskrywe," het Hy toe weer uitgekom, gereed vir Sy bediening.

78 En dis hoe God met Abraham gemaak het. Nou, God, nadat hy uit sy land uitgeroep was, en hy homself van sy land, sy mense afgesonder het, en toe het God vir hom die seël van die besnydenis gegee, toe vir hom die seun gegee. Toe het hy afgegaan na daardie finale toets, reg af na die tyd waar hy sy eie seun moes offer as 'n brandoffer. En Hy het gesê: "Omdat jy nie jou eie seun gespaar het nie, weet Ek dat jy My liefhet." Hy het vir hom daardie toets gegee.

79 Toe, onmiddellik daarna, was die stryd toe gewen, Hy het gesê: "En jou Saad sal die poort van sy vyand in besit neem." Amen. Ek hou daarvan. "Sal die poort van sy vyand in besit neem." Ons sal daardie finale punt bereik binne 'n paar oomblikke, as die Here wil. Nou Hy het dit, Abraham getrou gevind. Nadat Hy Abraham getrou gevind het, toe het Hy vir hom die belofte van die inbesitneming van die vyand se poort gegee.

80 Nou, daar, baiekeer, waar baie van ons Pinksters 'n fout gemaak het, en dink: "Wel, die Heilige Gees is uitgestort oor my. Glorie aan God! Dis al wat ek hoef te hê." Nee, meneer. Jy begin dan net. Jy, dit is nie dan nie. Dis jou toets en jou beproewing.

81 Net soos ons vind in—in, oorkant in die—die—die Ou Testament; toets, beproewing, en dan plasing van 'n seun. Aanneming, die seun plaas nadat hy alreeds 'n seun is, gebore is in die familie. Hy's 'n seun, dan sou hy getoets en beproef word, en grootgemaak deur leermeesters, en kyk hoe hy uitkom. En dan word hy posisioneel, amper gelyk met sy vader, geplaas.

82 Nou dis wat dit vandag is. Ons het omtrent veertig jaar, of meer, van die toets van Pinkster gehad, sien, die kerk getoets, kyk of hulle gaan staan, of nie. Te sien wat julle . . . En, sien, is waar ek dit weer kry. In plaas van vashou aan die kruis en die Woord, en aanbeweeg, word ons gelykvormig aan die wêreld, afvallig na *hierdie* kant, of afvallig na *daardie* kant, of boots *hierdie* na.

83 Soos ek altyd so hard gepreek het teen mense in hierdie moderne trant vandag, die vroue wat hulle hare sny, en—en die mans wat aangaan en alles, en net onsedelike klere dra en dinge. Ek kry soveel kritiek daaroor. Maar wat is dit? Dis om te probeer om daardie kerk te red. Ek probeer hulle *hier*bo kry, by die Woord van God, ongeag van wat die ander wêreld Daaroor te sê het. Bly by God se Woord. Amen. Sien? Sien?

84 Die ding daaromtrent is, soos ek gisteraand gesê het, die Pinksters wag vir 'n magtige rukwind, maar hulle het nie geluister na daardie klein stil Stemmetjie nie. Sien? Dat, dit verkeerd is om daardie dinge te doen. Hulle dink: "Solank die wind ruk, goed."

85 Maar dit het nie die profeet se aandag getrek nie. Die magtige rukwind het nooit die profeet Elía in die grot gepla nie. Die

magtige donderweer en weerligte, en stortreën, het hom nooit aangetrek nie. Maar wat hom laat skrik het, was daardie stil klein stemmetjie, daardie iets wat met die binneste gepraat het. "My Woord is die Waarheid. Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne waar wees." Dis wat die profeet aangetrek het. Sien?

86 En dit sal dit steeds doen. Die Woord van God trek altyd daardie geestelike gesindheid aan, want dis die gesindheid van Christus in jou, wat weet dat daardie Woord waar is.

87 En jy gaan deur 'n toetstyd. Die kerk gaan deur 'n toetstyd. Elke individu gaan deur 'n toetstyd voordat dit ooit die poort van die vyand in besit kan neem. Abraham het daardeur gegaan. Christus het daardeur gegaan. Nadat Christus gevul is met die Heilige Gees, daar by die Jordaanrivier, het Hy deur 'n toetstyd gegaan. Nadat Abraham uitgeroep is, in sy land geplaas waar hy 'n reisiger moes wees, toe besnydenis gegee, en God het hom ontmoet, keer op keer, tog moes hy deur die toetstyd gaan. Elke saad van Abraham doen dieselfde ding, Abraham en sy Saad.

88 'n Organisasie, 'n kerk, dis waarom ons ons organisasies sien wegval, is omdat wanneer dit kom by die toets. Watter toets? God se Woord. Daar's die toets. God se Woord is die toets. Sal ons doen wat 'n klomp mans sê om te doen, of sal ons doen wat God sê om te doen? Dis die verskil.

89 Daar het dit gekom, die dae van Dwight Moody, die dae van Finney, Sankey, Knox, Calvyn, Spurgeon, al die res van hulle, daardie geestelike manne, die organisasies het hulle nagevolg. Hulle het 'n klomp mans destyds daar gekry wat hulle merk daarop gelaat het, elkeen wat *dit* en *dat* geglo het, en 'n bietjie *hier* bygevoeg het, en 'n bietjie *daar* weggeneem het, en 'n bietjie *hier* bygevoeg het, totdat hulle uiteindelik 'n organisasie daaruit gemaak het.

90 En wanneer hulle dit doen, die ware egte gelowige, kom God reguit verby en tel 'n klein, nederige persoontjie op, breek daardie ding stukkend. Reg. Het dit altyd gedoen. God verander nie. Skeur net daardie ding stukkend, een of ander geestelik-gesinde mense wat reg by daardie Woord sal bly.

91 Laat ek vir julle vertel. Ek het 'n brief by die huis, van een van die beste kerke, groot organisasies in die Pinksterbeweging. Daardie arme hartseer vrou het vir my 'n brief geskryf. En sy het gesê: "Broer Branham, ek het lang hare gedra en ek het 'n bolla agterop my kop gehad." Sy het gesê: "En die . . . My man het daarvan gehou." En sy het gesê: "Ons het uit die stad getrek waar ons 'n kerk gehad het wat baie geestelik was, na waar hierdie groot kerk, die voorste kerk van die stad." En gesê: "Toe ons daar inkom, het al die Pinkstersusters hulle hare afgesny." En gesê: "Hulle het my beetgekry daaroor. Ek het gesê: 'Nee, nee. Ek glo die Bybel sê vir ons om dit nie te doen nie; 'n oneer om dit te

doen.'" En so het sy net gesê: "En hulle het aangehou . . . Hulle sou haar uitlag, sê: 'Haai, jou—jou band raak pap agterop, jou spaarband,' en alles soos daardie. En het my man só beetgekry, dat hy my forseer het om my hare te sny." En gesê: "Ek is veroordeeld, sedertdien."

92 Dink daaraan, 'n Pinksterkerk wat veronderstel is om te staan vir die Woord van God! Dis waarheen jou organisasie jou neem. Reg. Hulle hoor nie daardie stil klein Stemmetjie van die Woord, wat hulle na die waarheid roep nie. Hulle luister almal vir magtige rukwinde, en 'n klomp skree en dans, sê hulle het die krag. Dis alles reg. Ek glo ook daarin. Maar, broer, wanneer jy kan dans en skree, en dan omdraai en die Woord van God ontken, en soos die wêreld lewe, is daar iewers iets verkeerd. Reg.

93 Die Gees van God kom af, daardie stil klein Stemmetjie, en rig jou reguit op Gólgota, waar ons dood is, en ons lewe verborge in God deur Christus, en verseël deur die Heilige Gees. Dan, woon daardie Woord alleen daar. "Dan, as julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil en dit sal vir julle gegee word." Daar's die verskil.

94 Ek hoop nie ek kom vir julle voor as 'n fanatikus nie. As ek is, is ek—is ek—is ek onbewus daarvan. Ek—ek glo God se Woord is die Waarheid, en Dit moet net hier bly. En as Dit hier bly, sal Dit Ditself in die openbaar wys. Dit moet! Jou lewe, jou hele samestelling, sal anders wees.

95 So, toe God vir Abraham die toets gegee het, het hy 'n honderd persent deurgekom. En sou . . .

96 God kan nie 'n organisasie 'n toets gee nie, want dis heeltemal deurmekaar. God werk nie op daardie manier met 'n organisasie nie. Hy werk nie met volke in die Heidense ras nie. "Hy het mense uit die Heidene uitgeneem." Israel, het Hy 'n volk geneem. Maar, uit die Heidene: "het Hy mense uitgeneem uit die Heidene uit, om Sy Naam's ontwil." So, julle sien, dis nie 'n organ- . . . Dis nie 'n organisasie nie. Dis 'n individu wat Hy uit die Heidene neem.

97 En wanneer die toets kom, sien julle wat gebeur? Ons het uitgekom vir heiligmaking. Ons het die doop van die Heilige Gees ontvang in die pinksterbeweging. Maar wanneer dit by die toetstyd kom, kry slim geleerdes, wil soos die wêreld wees, net soos dit was in die dae van Wesley se beweging en al die res van hulle. Hulle gaan skool toe. Hulle—hulle leer wetenskap. En hulle leer al hierdie ander soort goed wat met geleerdheid saamgaan. En hulle probeer sielkunde leer. "Net die beste ding, wel, moenie *dit* sê nie. Laat hulle *dit* en *dat* doen. Want dit sal . . . " Sien, julle akkumuleer en bou. Julle—julle—julle doelwit is verkeerd. Julle motief is verkeerd. Julle bou na 'n organisasie in plaas van om te bou na Gólgota. Hoe kan julle bou na Gólgota, nie inkom deur die weg van die Woord nie?

98 "Want ons is gewas deur die water van die Woord." "As julle in My bly en My Woorde in julle, vra dan wat julle wil."

99 Daar is waar ons die mislukking van die Pinksterbeweging sien, omdat hulle wegkom van die Woord af. Die Woord sal een ding sê; hulle sal probeer om daardie organisasie daar iewers te laat inkom. En hulle sal reguit wegstap van daardie Woord af, en dit reguit inneem met die organisasie. En julle sien waarnatoe dit gegaan het? Dis amper soos die res van die kerke. Maar dan dans en skree ons, en praat in tale, en spring op-en-af, daardie is goed. Hulle organisasie is goed. Ek hoop ek maak myself duidelik. Maar die ding is, daardie stil klein Stemmetjie van die Woord wat spreek. Dis dit.

100 Jy gaan deur 'n toets. God toets jou soos Hy Abraham het. Hy toets Abraham se Saad, na hom. En nou, die rede waarom ons nie die poort van die vyand in besit neem nie, waarom daar soveel onder ons is, is omdat ons nie in staat is om die toets te deurstaan nie. En laat ek vir julle iets vertel, die toets van die Woord is reg.

101 Die rede waarom ons nie het nie, en ons sal nooit hê nie . . . in die organisasie. Ek dink Pinkster het 'n paar goeie organisasies. Party van die beste manne ek . . . lê . . . wat op die aarde woon, behoort aan daardie—daardie organisasie.

102 Die Gemeentes van God, ek het vriende daarin. Goeiste! 'n Broer net daar in Indiana, waarnatoe ek gaan, om 'n byeenkoms te hou, glo ek, nou, net hierna. Broer Roy Weed, hy's 'n distriksman van die staat van Indiana. Ek glo daardie is 'n goddelike man. Tog, hy's 'n distriksman van die Gemeentes van God.

103 Vierkant, o, goeiste, hoeveel! Ralph McPherson en baie van daardie broers, wat goddelike mans is, niks teen hulle lewens nie. Hulle is goeie mans.

104 Oorkant na die Eenheid, wat hulle hulleself noem, Eenheid. Of, nou, ek dink nie . . . Hulle noem dit die Jesus Naam kerk. Jack Moore, noem net een uit 'n . . . Daar's honderde van hulle, gawe mans, goeie mans, goddelike mans.

105 Maar die ding daaromtrent is, broer, is hierdie, wanneer jy leun na daardie organisasie. Sien? God neem daardie organisasies, en—en hulle is elkeen gevalle. Kyk na hulle, wêreldsheid wat insluip. Kyk na hulle vroue. Kyk na hulle mans. Kyk na hulle toestande. Ek kan julle wys, Gemeentes van God mense wat diakens op hulle raad het, wat twee of drie keer getroud is, predikers wat aangaan. Vroue met hulle hare gesny, wat kortbroek dra, grimering, en steeds aanspraak maak om die Heilige Gees te hê, deur staat te maak op die bewys van praat in tale, of op-en-af spring, of skree.

106 Hulle faal daardie stil klein Stemmetjie van die Woord. Daardie Woord hou jou gebalanseer tot die kruis. Dis waar dit

lê. Dis waarom ons nie egte profete in die kerk vandag het, soos Agabus nie.

107 Dis hoekom, die kerk vandag, hulle—hulle kwalik praat in tale respekteer, wanneer iemand spreek, omdat hulle soveel valsheid en aanganery gehoor het, totdat hulle nie weet wat reg en verkeerd daarin is nie.

108 Uitleg wat net blote illusies is, iemand wat net iets sê omdat hy gelei voel. Dis nie uitleg nie. Uitleg; nie iemand wat staan en in tale praat, 'n ander een staan op binne 'n paar minute en lê uit wat hy gesê het nie. Wanneer een praat, lê die ander een net daar uit, sê woord-vir-woord, dieselfde uitdrukking, alles dieselfde. *Hierdie* man mag profeteer, maar dit is nie uitleg nie. Party van hulle, *hierdie* soort stem wat iets gee, *hierdie* hier agter wat iets anders gee. En party sê tien woorde, 'n ander sê vyftig woorde daarna, as 'n uitleg.

109 *Uitlê* beteken "om te sê, woord-vir-woord." As dit 'n Woord van God is, moet dit kom, woord-vir-woord; reël-op-reël, reël-op-reël. Dis hoe die Woord moet kom.

110 Maar wat het ons gesien? Soveel valsheid! En hulle het dit gedoen, sodat, in plaas van by die Woord te bly, het hulle dit daaronder geplaas. Sodra 'n man dit gedoen het, het hulle hom 'n Pinkster genoem. En julle weet wat gebeur.

111 Wanneer die toets kom, die toetstyd, dan begin die Saad, dit wys wat is Saad en wat is nie. Nou, ongeag van wat plaasgevind het, Abraham het by die Woord gebly, die belofte.

112 Maar vandag kan die organisasie dit nie doen nie. En party van julle kosbare broers wat aan daardie organisasies behoort, verskil julle een keer van hulle, dan weet julle waarheen julle gaan. Hoeveel van julle?

113 Ek sê nie, in hierdie gebou nou, maar hoeveel was in my studeerkamer, hoeveel was by my, sê: "Broer Branham, ons weet dis die Waarheid. Maar as ons hier uitgeskop is, wat gaan ons doen?"

114 Broer, wat gaan ons doen? Hou vas aan Gólgota, hou vas aan die belofte, hou vas aan die kruis, ongeag.

115 En daar oorkant in, het hulle van die beste manne. Sien? Maar wat ek probeer doen, is om te sê, dit moet faal. Dit het altyd gefaal en sal altyd faal. Maar dis, of jy faal of nie, met God, hou God se Woord en Sy belofte, eerste. Jy sal getoets word Daarop.

116 Jy sal papiere teken, dat jy *dit* sal doen of *dat* sal doen. Selfs teen die Woord, sal jy dit steeds teken. Die reg. In jou hart, weet jy dis verkeerd. Dis daardie stil klein Stemmetjie wat praat, daardie Woord. Geen wonder ons kan nie aanbeweeg nie, omdat iets gebeur het. Julle het julleself geskei van daardie stil klein Stemmetjie. Julle het te vinnig uitgehardloop. God het julle geroep, maar julle het te vinnig uitgehardloop, omdat

die donderweer gebrul het, die weerlig geslaan het, die berg geskud het.

117 Dit het Elía, daardie profeet, nooit beweeg nie. Hy wou daardie Stem eerste hê. Hy het gesê: "Ek sal net hier lê."

118 Soveel vandag, het begin, genesingsdienste, vleeslik in vergelyking, allerhande dinge, en sensasies, wat nooit eers in die Woord van God voorkom nie. Dis reg. Wat is dit? Ons behoort daardie lied te sing: "Hulle wat wag op die Here. Laat my my trots sluk en U Naam aanroep. Laat my wag, Here, totdat ek daardie stil klein Stemmetjie hoor." En daardie Stem sal 'n Skriftuurlike Stem wees. Ek sal presies saam met die Woord spreek. Amen. Goed.

119 Gevind, Abraham nadat hy geplaas is, uitgeroep is, afgesonder van sy geliefdes, van sy familie, van sy huis, van sy rasgenote, na 'n vreemde land. Deur geloof het hy dit gedoen. Toe, omdat hy dit gedoen het, het God hom die besnydenis gegee, om te bewys dat hy God se seun was, dat hy in Hom geglo het omdat hy die belofte geglo het. Tog, hy kon nie, hy het dit nie in die natuurlike gesien het nie, maar hy het bely: "Enigiets teenstrydig met God se Woord was 'n leuen." Maak nie saak hoeveel bewyse opgekom het nie, dis steeds 'n leuen.

120 Ek haat om dit te sê, maar ek sal moet. Kyk. En wanneer jy vroue neem, ek sal dit vir een ding sê wat sigbaar is, kan sien, wat aanspraak maak om die Heilige Gees te hê, en nie ordentlik genoeg is om hulle hare te—te laat groei nie, is daar iewers iets verkeerd. 'n Vrou wat 'n kledingstuk sal aantrek wat by 'n man hoort, en dit dra, wanneer die Bybel sê: "Dis 'n gruwel vir—vir God, vir 'n vrou om 'n kledingstuk te dra wat by 'n man hoort." En julle maak aanspraak om die Heilige Gees te hê en doen dit?

121 Ek het eendag in Oregon daaroor gepreek. Daar was 'n vrou wat vir my 'n yslike groot brief geskryf het. Sy het gesê: "Broer Branham, jy het 'n wonderlike bediening, maar jy bederf dit beslis." Sy het gesê: "Nou, wat van . . . " Gesê: "Ek dra 'n oorpak die heeltyd." Gesê: "Wat van uitgaan in die tuin en bietjie—bietjie in die tuin pluk, en met 'n rok aan. Dink jy nie dit sal baie beter lyk met 'n oorpak aan as wat dit sou wees, of oorbroek, wat dit ook al is, as om 'n rok aan te hê nie?" En gesê: "Kyk, ek ry teen die berg op saam met die seuns wanneer hulle opgaan om die beeste bymekaar te maak, en," gesê: "ek gaan in die muskietbesmette gebied in." Gesê: "Nou, met 'n—met 'n rok aan, sal hulle my opeet. Met 'n oorpak, pla hulle my nie."

122 Ek het gesê: "Dis dunner as die aftreksel wat gemaak is van die skaduwee van 'n hoender wat van honger doodgegaan het. Genade! Dit het nie een Woord van God daaraan nie. Dis jou eie opinie."

123 God het gesê: "Laat elke woord 'n leuen wees en Syne waar wees." My vrou dra rok. Sy pluk in die tuin. Sy het geen

probleem daarmee nie. En, in elk geval, 'n vrou het in elk geval geen besigheid met 'n klomp mans daarbuite, aan die beeste bymekaarmaak nie. Sy behoort in die kombuis te wees waar sy hoort. Dis reg.

124 Hulle probeer net 'n verskoning kry, maar daar is geen. God se Woord is duidelik, en 'n vrou wat gebore is uit die Gees van God, sal. En 'n man wat gebore is uit die Gees van God, sal nie sy vrou so laat optree nie. Wat het Hy gesê? "Sy wat neem, haar hare sny, doen haar hoof oneer aan." En haar man is haar hoof. Sy is onterend.

125 Ek beter stilbly. Goed. Nou, sien, sien, dis genoeg. Julle weet waarvan ek praat.

126 Ek sê dit nie om kwaad te spreek nie. As ek dit sê om kwaad te spreek, wees God my sondige hart genadig; laat my hier afgaan na die altaar, bely.

127 Ek sê dit omdat, vriende, ek julle liefhet. En ek probeer julle vertel wat die waarheid is, en dit is God se Woord. Ons moet daardie klein Stemmetjie van God hoor, om ooreen te stem met die Woord. Ons gaan deur 'n toetstyd. Halleluja!

128 Besef julle dat na daardie toetstyd gekom het, daardie opvoeding van daardie seun wat gebore is in daardie denominasionele familie? As hy die toets deurstaan het en by die vader se begeerte gebly het, dan is daardie seun buitentoe geneem en daar is vir hom 'n kleed aangetrek, en dan is daar 'n seremonie uitgespreek. En daardie seun is dan in die familie geplaas, waarin hy gebore is.

129 Dis wat die probleem is met ons Pinksters vandag. Hulle spring net *hier* en *daar*, en ons organisasies sal hulle *hierdie* kant toe en *daardie* kant toe trek. Hulle bly nie by die Woord nie.

130 As jy by die Woord bly, God dan, wat sien: "As julle in My bly, en My Woord in julle." Sy, Hy kan Dit nie ontken nie. Dis Sy Woord. Dan sal daar 'n tyd wees, een of ander tyd, wanneer jy buitentoe geneem sal word en eenkant gesit, en iets gegee word wat eg is, halleluja, krag van die Almagtige God.

131 Wat, God wag vir Sy kinders, maar hulle wil net nie oplyn, wanneer hulle by daardie toetstyd kom nie. Sal jy dit aanvaar? "Wel, die kerk sal my uitsit." Goed. Daar het julle dit. Gaan, dan. Dis nie Abraham se Saad nie. Abraham se Saad tree nie so op nie.

132 Abraham se Saad! Nou, ek gee nie om wat teenstrydig met Abraham gekom het nie, hy het reg by daardie Woord van belofte gebly, net reg daarby gebly. Maak nie saak hoe Sara gekom het, ander gekom het, verskillendes gekom het nie, alles, hy het dit gereken asof dit nie was nie. Hy het gekyk, hy het geglo dat hy die belofte kon sien, omdat God dit aan hom belowe het, en dit was al wat daaraan was. Dit was God se Woord, reg in hom gebly.

133 Toe het Hy hom die finale toets gegee. "Ek sal vir hom 'n dubbele porsie gee, en hom beproef." Nou, hy het alreeds die seun. Hy sien hy het dit. "Maar nou sal Ek vir hom sê: 'Neem daardie seun boontoe en maak dit dood.' En laat daardie seun, wanneer hy sien. . . Sal hy daardie seun doodmaak? Ek sal hom nou beproef."

134 Abraham, getrou aan die Woord! Hoe, wanneer jy die belofte ontvang, hoe gaan jy die ding stop? Hoe, hoe gaan jy?

135 "Hoe gaan jy ooit verwag om 'n vader van nasies te wees, en hier is jy nou 'n honderd-en-vyftien jaar oud? Abra- . . . Klein Isak, omtrent veertien, vyftien jaar oud. Hoe gaan jy 'n vader van nasies wees wanneer jy 'n honderd-en-vyftien jaar oud is? Hier's jou enigste kind, en jy vernietig jou enigste bewys wat jy het." Amen.

136 "Hoe gaan ek dit maak as ek van my organisasie af weggaan? Hoe gaan ek dit maak as ek *dit* doen?" O, luister na daardie stil klein Stemmetjie en kom na die Woord, die Woord.

137 Jy sê: "Ek het gehoor 'n stem sê *dit* vir my." As dit teenstrydig is met die Woord, was dit nie God se Stem nie. God se Stem kom na die Woord.

138 Toe het Abraham reguit opgestap tot by die Stem, en stil, klein Stemmetjie van God, na die Woord van God, moet die lewe van sy eie seun neem.

139 Hy het gesê: "Stop jou hand, Abraham. Ek weet nou dat jy My liefhet. En almal van hulle na jou, halleluja, almal van hulle wat na jou kom, wat gewillig is om My Woord te neem, dit sal jou Saad wees, en daar sal hy die poort van die vyand in besit neem."

140 Wens ek kon tyd hê om julle iets te vertel wat 'n paar dae gelede gebeur het, sien, van wat plaasgevind het. O, goeiste!

141 "Sal die poorte van die vyand in besit neem; jou Saad na jou. Abraham, wie jou seën, sal geseënd wees, en wie jou vervloek, sal vervloek wees." Jesus het gesê: "Dit is beter dat 'n meulsteen om jou nek gehang word, en jy in die diepte van die see verdrink word."

142 En hierdie organisasies wat daardie goddelike mans uitskop, omdat hulle 'n standpunt vir die Waarheid, die Woord, ingeneem het, en die Gees en krag van God, en bly by die Woord, sien julle wat gebeur het? Hulle word verdrink in die see van vergetelheid.

143 "Beter dat 'n meulsteen om jou nek gehang word, en verdrink in die dieptes van die see, as om selfs die geringstes van hierdie Gesalfdes te beledig." Wat is hulle? Abraham se Saad wat by die Woord van belofte bly.

144 Party van ons kerke kom by die plek waar hulle ontken. Hulle ontken Goddelike genesing. Hulle wil dit nie meer in hulle kerke hê nie. Dis reg. Ons Pinkster organisasies wil nie meer Goddelike genesing hê nie. Wat is dit? Sien julle nie hoe die duiwel gewerk

het nie? Hy het daarheen gegaan en ’n paar vals dinge gesê daarlangs soos daardie. En net intellektuele mans wat dink hulle is geestelik, en kyk daarna, en sê: “Kyk na *daardie* een. Kyk na *daardie* een.” Ek kyk nie daarna nie.

145 As jy Abraham se Saad is, sal jy na die belofte van God kyk, wat God gesê het om daaraan te doen. Dis reg. Abraham se Saad, ons kyk na die belofte. Ek gee nie om hoeveel afvallig raak aan *hierdie* kant en hoeveel afvallig raak aan *daardie* kant nie. Die belofte bly waar.

146 Jy moet deur daardie toetse kom. Sien? Ja. Abraham, eers getoets, en toe geseël, toe die belofte gegee dat “sy Saad die vyand se poort in besit sal neem.” Ek hou daarvan. Dan, neem hulle hulle vyand se poorte in besit, nadat hulle getoets is.

147 Die ding daaromtrent is, ons kan nie die toetse verduur nie. Dis hoekom ons organisasies nie die toets kan verduur nie. Dis nie die wil van God nie. Dis, God het dit geseën, maar dis nie die wil van God nie. Want, sien, jy het ’n hele groep mans hier met ’n hele klomp idees, en hulle groepeer hulle bymekaar en kom uit met die beste wat hulle kan. Party van hulle sê: “*Hierdie* is ’n groot man. Jy kan nie sy woord ontken nie.” Wel, dis net soos waarop die Katolieke kerk georganiseer is, dieselfde ding, op ’n klomp intellektuele gelowiges. Intellektuele, hulle kyk daarna, laat dit ooreenstem met die tye. Jy kan dit nie doen nie. Alles anders, behalwe God se Woord, is ’n leuen.

148 Abraham het nooit na een ding gekyk behalwe God se belofte nie. Oneag van wat dit was, hy het by God se belofte gebly.

149 Dan is dit hoekom ons nie meer vind nie. ’n Organisasie kan nie die poort van die vyand in besit neem nie. Daar’s te veel verstrengelde verstande daarbinne.

150 Moet ’n individu neem, wat die poort van die vyand in besit neem. Jy kan dit doen as jy wil. Ja, meneer.

151 Laat ons ’n paar probeer, vir ’n paar minute, kyk of hulle in die Skrif bly.

152 Nou, daar was ’n tyd onder in Babilon waar daar ’n—’n beeld opgerig was, mooi tipe van die Katolieke kerk, en almal wat nie neergebuig het voor daardie beeld nie, sou in die vuuroond gebrand word. Nou, dit was ’n konfrontasie, of hulle sou bly, wanneer God gesê het: “Jy sal geen ander gode voor My hê, of enige gelykenis van enigiets maak nie.” Dis wat God gesê het. Die konfrontasie het gekom.

153 Al die res van Israel het net ingeval. En toe die trompet geblaas het, en die—die blaasinstrumente geblaas het, en die—en die fluite geblaas het, wel, het hulle almal voor hierdie beeld neergeval.

154 Maar daar was drie van hulle wat gesê het: “Niks daarvan nie.” Hulle het daardie klein stil Stemmetjie gehoor, en hulle

het in lyn met die Woord gebly. Wat het hulle gedoen? Gebly by die Woord.

155 En daarna, het hulle—hulle—hulle gesê: "As jy dit nie doen nie. . . Ons sal julle nog 'n kans gee, of ons sal julle in die vuuroond gooi."

156 Gesê: "Ons God is in staat om ons te verlos van daardie vuuroond." [Leë kol op band—Red.] "Maar, nietemin, sal ons by die Woord bly."

157 Nou, broer, wat van jou? "Wat sal ek maak, Broer Branham?" Bly by die Woord. Bly by die belofte. "My kerk sal almal wegstap van my af." Bly by die belofte. Hulle moet in elk geval vervaag, eendag net weggaan. Maar, God sal nie. Bly by die belofte. "Wel, ek sê jou, hulle sal my uitskop." Bly by die belofte, net dieselfde. Bly net reg by die belofte. Nou, as jy kan bly by die belofte en daar bly, bly reg by hulle dan.

158 Gemeenskap met almal. Maar nou hier, nou, jy sal nooit op enige ander manier wen behalwe net gemeenskap te hê met almal nie. Jy moet. Nou, toe hulle so erg geraak het, hulle onsedelik, bly dan weg daarvan. Dis reg. Moenie op die vyand se gebied gaan nie. Maar solank jy jou broer probeer wen, is dit anders. Sien?

159 Nou kyk. Maar jy sal nooit die opinie van die organisasie wen, een persoon nie. Nee, meneer. Wanneer, hulle het hulle reël gestel: "Ons glo *dit*, punt!" As jy jou doktrine opskryf: "Ons glo *dit,*" komma, sou dit anders wees. 'n Punt beteken: "Ons glo *dit*, en jy moet *hiernatoe* kom en hierdie papier teken, of dis alles daarvan."

160 Maar as jy sê: "Ons glo dit," komma: "plus soveel as wat ons van God kan leer. Ons is oop vir die Heilige Gees," dan gaan jy voort, broer. Ja. Dit gaan nou anders wees.

161 Maar, julle sien, as jy dit geskryf het met 'n punt, en God gee iets anders wat opkom, dit bewys word as Sy Woord, die Waarheid, kan jy nie beweeg nie, want dis "punt." Dit beëindig dit. Dis waar die Lutherane gesterf het. Dis waar die Metodiste gesterf het. Dis waar die Baptiste gesterf het. Dis waar die Presbiteriaan gesterf het. En dis waar die Pinksters sterf. Dis reg. Dis reg. Hulle sterf net daar, kyk net, want dis—dis alreeds uitgeskryf. Daar's niks wat jy—jy daarby kan voeg of wegneem daarvan nie. Dis—dis daar. Dis jou doktrine.

162 Lutherane kan nie heiligmaking aanvaar nie. Nee, meneer. Hy het klaar gesê: "Die regverdige sal uit die geloof lewe." Nie Martin Luther nie; maar daardie groep wat hom gevolg het. Dis reg.

163 Nie John Wesley nie; maar die groep wat hom gevolg het. Dis reg.

Nie Calvyn nie; maar die groep wat hom gevolg het.

164 Nie John Smith van die Baptiste kerk nie, wat so hard gebid het, in die nag, totdat sy oë toegeswel was, vir sy kerk; en sy vrou moes hom uitlei en hom daar voed met 'n lepel, by die tafel. Nie hy nie; maar hierdie klomp Baptiste wat hom volg, organisasie wat na hom gekom het.

Nie Alexander Campbell nie; maar hulle wat hom volg.

165 Nie die pinksterbeweging aan die begin, wat alle dinge in gemeen gehad het, en met almal gemeenskap gehad het nie; maar die groepe wat kom sê het: "Nee. Ons is *hierdie*, en ons is *hierdie*. En hierdie is twispunte, en dis dit!" ("Sonder hulleself af, blykbaar sonder om die Geloof te besit.") Reg. Dis wat dit gedoen het. Daar's die bose ding. Amen. Ek voel godsdienstig, vanmôre.

166 Die Hebreeuse kinders, nadat hulle die toets deurstaan het, of hulle sou bly vir die Woord van belofte, of nie, is hulle beproef. En wat het hulle gedoen? Hulle het die poort van die vyand in besit geneem. Amen. Waarom? Hulle het op die Woord gebly.

Bly by die Woord, daardie Stem van God wat met jou praat.

167 Nou, alle redenasie het gesê: "Nou, kyk. Babilon, dit sal nie enigsins anders wees nie. Omdat, ons, wanneer ons voor hierdie beeld buig, aanbid ons God, in elk geval. Wel, as ons dit *so* doen, bedoel ons dit *so*."

Doen dit soos God gesê het.

168 Wat as God gesê het: "Moses, trek jou skoene uit, Moses. Jy's op heilige grond."

169 Hy sê: "Dankie, Here. Ek glo beslis in U. Ek sal net my hoed afhaal, liewer. Dis te moeilik om my skoenveters los te maak." Uh-huh. Huh! Dit sou nooit gewerk het nie.

Hy het gesê: "Skoen." Hy het nie gesê "hoed," nie. Reg.

170 Jy moet kom, reël-op-reël, wat God gesê het, en oplyn met Sy Woord.

171 Nou, nadat hulle die toets gehad het, het hulle die poort van die vyand van vuur in besit geneem. Hulle het uitgevind, toe hulle reguit afgegaan het na die end toe, op God se Woord gebly het, het hulle die poort in besit geneem. Dis reg. Nadat . . .

172 Daniël. Daar het 'n uitvaardiging uitgegaan, en geteken deur die Mede-en-Perse, wat nie verander kon word nie, dat: "As enigiemand gebid het tot enige ander god, laat hom in die leeukuil gegooi word." En Daniël het geweet dat God se Woord was, om net tot Hom te bid, so hy het net die vensters oopgemaak en in elk geval gebid. Nou, hy het nooit agter in 'n hoek ingegaan nie. Hy het die vensters oopgemaak in die rigting van die tempel. Hy was nie skaam daarvoor nie.

173 En ons wil nie ons godsdiens beoefen op Sondag, en Maandag iets anders doen nie. Of, een ding in ons hart glo, voor iemand

anders kom en sê: "Wel, ek weet nie. Ja, ek dink jy's reg." Wees wat jy is. Jy nie is nie, gaan van die preekstoel af, gaan uit die kerk uit. Dis reg. Want, jy's 'n skande vir albei. Bly wat jy is. Sê wat jy glo, dan het jy niks om op terug te gaan nie. Jy staan op presies wat waar is. Almal ken jou kleure. Mans sal jou waardeer, enige man.

174 'n Vrou mag so lelik wees as wat sy kan wees. Sy mag groot, vet, klein, maer, swartkop, bruin-oog, blou-oog, grys-oog; een, op die manier, en een op daardie manier wees. Maar as daardie vrou skoon is, dame, is daar nie 'n man in die land behalwe wat nie sy hoed vir hulle sal afhaal nie, hy 'n ons man in hom het. Reg. Want, sy—sy bring voort wat sy is, en mans waardeer dit.

175 So sal God 'n man waardeer wat sal wees wat hy is, of mans wat Christelikheid bely. Laat ons 'n Christen wees, gevul met die Heilige Gees, met die Woord van God, of vergeet daarvan. Reg. Want, andersins, word jy skynheiligheid, en lei 'n ander lewe. En mense sien jy gaan hier uit na danse, en rook, en dinge soos daardie, en maak aanspraak om 'n Christen te wees, dan, sien, plaas jy 'n struikelblok in ander se weg.

176 Sien julle vroue, partykeer, hoe hulle hulle hare sny en aantrek en optree in hierdie ou klein rokkies aan, lyk soos 'n worsie waarvan die vel afgetrek is of iets, en gaan daar uit op die straat, stap rond, hakke omtrent *so* hoog, wat in die straat af trippel. Is dit pinkster? Dan sê die—die ander kerke: "Hulle maak aanspraak om iets te hê wat hulle nie het nie."

177 Jy is geseël en gemerk deur die Heilige Gees. Jy's nie in 'n danssaal vanaand en omhels in een of ander man se arms, wat nie jou man is nie; die volgende aand, en kom terug kerk toe en dans oraloor die plek nie. Dis nie pinkster nie. Dis skynheiligheid. Dis vuilheid.

178 Ek sê dit nie soseer vir julle nie. Maar, julle besef, hierdie bandopnames, wat hier gemaak word, gaan oor die wêreld, so ek preek net asof dit oor die hele wêreld gaan. Wanneer ek God voel sê: "Sê iets," sê ek dit net, want ek weet nie waarheen dit gaan nie. Dit hang van Hom af om daarvoor te sorg. Bly net by die Woord. Dis reg. Goed.

179 Nee, Daniël sou nie buig voor hulle uitvaardiging nie, of hy uit die organisasie uitgegooi was of nie. Hy het reg by die venster gebly, en by die Woord van God gebly. Hy was nie skaam Daarvoor nie.

180 Wat het gebeur? Hulle het hom in die leeukuil gegooi, maar hy het die poorte van die leeukuil in besit geneem. Waarom? Glorie! Omdat God gesê het sy . . . "Jou Saad sal die poort van die vyand in besit neem." Wat die vyand ook al is, jy het die poort. O, hoeveel keer kon ons . . . ?

181 Kyk na Moses, wat volg in die lyn van God se gebooie, afgegaan in Egipte in, gelyk asof alles teenstrydig was. Hy het

sommige nabootsers gehad wat saam met hom gegaan het. Hy het afgegaan met 'n paar te—tekens, om te wys dat hy gestuur is. 'n Slang neergegooi, ensovoorts soos daardie.

182 En hier het die nabootsers aangekom, hulle s'n neergegooi. Wat kon hy doen? Niks. God het hom nooit gesê hulle gaan dit doen nie. Hy wou Moses toets. Hy was die Een Wat Jannes en Jambres toegelaat het om hulle slange neer te gooi, of hulle stawwe.

183 So, daar het Moses gestaan op sy pos. Sy staf neergegooi. Dit het in 'n slang verander. Hy het gesê: "Kyk daarna, Farao. Dis wat my Here vir my gesê het om voor jou te kom doen."

184 Farao het gesê: "Kom hier, Jambres en Jannes." Hulle het hulle stawwe neergegooi. Hulle het in slange verander, wat Moses gedoen het.

185 Was sy gesig rooi? Nee, meneer. Hy het steeds geglo God het hom gestuur. Hy het gebly by daardie belofte. En wat het gebeur?

186 Dis wanneer jy voor sommige van jou konvensie byeenkomste is. Jou gesig mag 'n bietjie rooi word. Bly by die Woord.

187 Wat het gebeur? Meteens, het hierdie groot kobra van Moses nadergekom en hulle ingesluk. God bevestig. Na sy toets, het hy gesê: "Ek wil hê jy moet, met hierdie teken, die kinders laat uitgaan soontoe. Ek wil hê jy moet hulle terugstuur huistoe, waar hulle hoort. God het hier afgekom om te vertel, my hiernatoe gestuur om hulle te verlos. Ek wil hê hulle moet teruggaan." Hy het dit daar neergegooi.

188 O, die toets het gekom. Moses, wat gaan jy doen, omdraai, wegstap, sê: "Wel, ek mag verkeerd gewees het"? Nee, meneer.

Moses het net daar gestaan: "God het dit beveel." Glorie!

189 God enigiets sê, bly Daarby. Maak nie saak wat plaasvind nie, bly Daarby. As hulle jou uitsit en sê: "Ons sal nie saamwerk nie, sal nie *dit* doen nie," bly Daarby.

190 Moses het reg daarby gebly. Wat het gebeur? Hy het die poort van sy vyand in besit geneem. Halleluja. Die duiwel het gesê: "Ek sal die Dooie See voor jou uitstrek," maar dit het oopgemaak. Hulle kon hulle nie langer in Egipte hou nie. Hy het die poort van die vyand in besit geneem. Hoekom? Omdat hy gebly het by die opdrag wat God hom gegee het. Die gebooie van God, hy het gebly by God se Woord en hy het die poorte van die vyand in besit geneem.

191 Josua, nadat hy deur 'n toets gegaan het. Hy was daaronder, waarskynlik, en het oor die Jordaan geswem, hy en Kaleb, saam met die spioene. Toe hy weer opgekom het uit die Jordaan, het hulle opgekom na Kades-Barnéa. En almal van hulle het gesê: "O, as ons begin, dit sal ons organisasies stukkend breek. Ons kan net nie ingaan nie."

192 Daardie gees sterf nie. "O, ons kan nie Dit hê nie. As ons Dit vir ons mense leer, wat sal ons maak? Ons sal omtrent die helfte van ons diakens, in die kerk, uitneem. Hulle is twee, drie keer getroud. Wat sal ons maak? Ons, wel, as ons ons vroue gesê het hulle moet lang hare dra, weet julle wat sou hulle doen? Hulle sou die kerk verlaat. En wat sou ons doen? Wel, ons sal net as outyds beskou word." Jesus was ook outyds. "Ons kan dit nie doen nie. Ons kan dit nie doen nie. Dis te veel vir ons."

193 Julle weet waar beland 'n grenslyngelowige? Hebreërs, die 6de hoofstuk, verduidelik dit. "Hy wat eenmaal verlig is, deelgenote gemaak is van die Heilige Gees, dan wegval, om homself weer te herstel." Hy het by daardie grenslyn gekom en geweier om oor te gaan, dis dit, geweier om heeltemal te glo.

194 Want, wat het Kaleb gedoen? Wat het Josua gedoen? Hy het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem." Waarom? Hulle het gebly by wat God belowe het.

195 Wel, hulle het gesê, daardie ander het gesê: "Wel, hulle is reuse. Hulle is heeltemal ommuur. Hulle is soos die. Wel, ons kan hulle nie aanraak, op enige manier nie."

196 Josua het gesê: "Ons is meer as in staat om dit te doen. Wees rustig, julle mense! Bly stil! Gaan sit!" Amen.

197 Ek sê julle, geloof is 'n yslike groot ding, wanneer dit by die Woord van God kom. Hy's dan nie bang nie. Geloof het hare op sy bors, groot spiere. Dit sê: "Bly stil!" Al die res hardloop in die hoekie in, dis reg, wanneer God spreek. "Julle in My bly, en My Woorde in julle, sê wat julle wil." Daar het julle dit. O, ek hou daarvan. Hum!

Duiwels sal bewe, en sondaars ontwaak;
Geloof in Jehova sal enigiets skud.

198 Hoe kan jy geloof hê wanneer jy weet jy werk, wandel nie in Sy Woord nie, wanneer jy weet daar's dinge daar wat jy behoort te sê en jy sê dit nie? Daar's dinge daar wat jy behoort te onderrig en jy onderrig dit nie. Daar's dinge wat jy nie kan sê nie, en hoe kan jy geloof hê wanneer jy weet jy's verkeerd?

199 "As ons hart ons nie veroordeel nie." Daar het julle dit. Daar het julle dit. Maar bly by daardie Woord, waar daar niks veroordeel word nie. "Daar's geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Die Gees lei saam met die Woord, want die Gees kan net uit die Woord kom, want Sy Woord is Gees. En Dit kan net . . . Die regte waaragtige Gees van God kan net die Woord van God spreek. O, goeiste! Goeiste, goeiste!

Gaan weg, wêreld. Satan, verlaat ons.

200 Moenie bang wees om vir hierdie berg te sê: "Word opgehef nie." Sê dit. Bly daar, kyk hoe sy verbrokkel. Dis reg.

201 Maar jy enige veroordeling daar het, beter—beter jy stilbly. Dan babbel jy net. Jy praat nie die waarheid nie. Jy sê nie die dinge wat jy moet sê nie. Goed.

202 Dan vind ons uit dat Josua, nadat hy deur daardie toets gegaan het, hy die getuienis van 'n goeie land gesien het, en hy het daar gestaan by Kades-Barnéa en teen hulle almal gekla, en gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem. Ons kan dit inneem." Wat was die idee? Gaan oor.

203 Wat was Moses se idee? "Wys hierdie teken en bring die kinders uit." En gelyk asof dit misluk het. Maar hy het by die Woord gebly, en die poort van die Dooie See kon hom nie vashou nie. Hy het reguit daardeur gegaan. Hy het die poort van die vyand in besit geneem.

204 Josua, wat na die belofte van God gekyk het, het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in besit te neem." Dis reg. En toe hy afgekom het na die Jordaan, wat het sy gedoen? Sy het padgegee. Amen. Dis reg. Hy het die poort van die vyand in besit geneem. Daardie Jordaan het hom weerhou om oor te gaan en daardie belofte te verkry. Maar toe hy daaronder gekom het, was hy die Saad van Abraham. Waarom? Hy het God se Woord geglo. Dis die enigste manier wat jy 'n Saad van Abraham kan wees, is om God se Woord te glo. En toe, wat het hy gedoen toe hy gekom het waar hy gereed was om die vyand in te neem? God het die poort oopgemaak, en hy het dit in besit geneem, dit ingeneem, oorgegaan.

205 Toe die eerste stryd, sy eerste konflik wat hy met hulle gehad het, die mure was so dik, hulle kon 'n strydwa-wedren bo-op hulle ry. Hoe gaan hy ingaan om hulle te kry? Hulle het vir hom weggehardloop, na binne gegaan. Die vyand sal dit ook doen. "Maar jy sal die poort van die vyand in besit neem."

206 Gesê: "Here, wat moet ek doen?" Hy het rondgeloop, een middag, gemediteer. Hy het 'n Man sien staan met Sy ontblote swaard. Josua het sy swaard uitgetrek, gesê: "Behoort U by ons? Behoort U by die vyand?"

Hy het gesê: "Ek is die Leërowerste."

"Wat moet ek doen?"

207 "Marsjeer dertien keer daar rondom. Blaas 'n basuin. Jy sal die poort van die vyand inneem."

208 Sy het geval. Ja, meneer. Waarom? Hy was 'n Saad van Abraham, wat die Woord van God gehou het. Hy het elke poort ingeneem wat na hom toe gekom het. Sekerlik.

Dit word laat. Ek moet ophou.

209 Kyk, al hierdie kosbare helde, het 'n bladsy vol van hulle hier neergeskryf. Maar al hierdie kosbare helde, die dinge wat hulle gedoen het, hulle het uiteindelik gesterf.

210 Maar toe het die ware Geloofsaad gekom, die Koninklike Saad van Abraham, Jesus, die belofte. Abraham het Isak gehad, waar, na die vlees, maar die regte Saad was nie in daardie organisasie stelsel nie. Dit was in daardie belofte van God se Woord, dat Hy hom 'n vader van nasies sou maak, nie deur Isak nie, maar deur die Koninklike Saad, Jesus. Dit was die Koninklike Saad, wat, eintlik, die Saad van Abraham. Jesus was nie 'n Jood nie, Hy was ook nie 'n Heiden nie. Hy was God. Sien? Die . . .

211 Julle Katolieke hier, seën julle hart. Maar wanneer julle Maria as 'n godin aanbid, wat is fout met julle, in elk geval? Maria was niks anders as 'n vrou nie. God het haar gekies. Sy was 'n broeikas. Dis al. 'n Broeikas, dis wat 'n vrou is, maar sy is geassosieer met die saad van die man.

212 Maar, dis 'n gemengde gehoor, maar ek moet dit sê, sodat julle sal weet waarvan ek praat. Nou, julle luister na julle—julle dokter, en ek is julle broer. Sekerlik, kan julle.

213 Maria het geen stuifmeel in Christus gehad nie. Daar was geen seksuele gevoel toe die Heilige Gees haar oorskadu het nie, niks nie. Maar Almagtige God, die Skepper, het die Bloedsel en die stuifmeel geskep. Hum! As dit die stuifmeel van Maria af was, dan staan die dooies nie op nie.

Glorie! Dit het net vars gekom. Ek het dit so pas gesnap.

214 Dan, as jy sê daar's geen verskil, wat ons doen nie, waarom het God dan vir ons gesê om weg te bly van verkeerde dinge? Waarom het God die liggaam van Jesus opgerig, as dit nie so is nie? So, julle sien, daar kan nie 'n vrou daaraan verbind wees nie. As daar was, dan was Sy liggaam van Sy moeder, Maria af, want sy het 'n seksuele verhouding gehad deur 'n oorskadu van 'n gees wat haar 'n sperm laat—laat vrystel het, en dis verkeerd. Die Heilige Gees, deur onbevlekte bevrugtiging, halleluja, daar het Hy beide sperm van man en vrou geskep.

215 Het Jesus haar "moeder," genoem? Vind dit in die Skrif. Hy het haar "vrou," genoem. Halleluja! Vrou! (Dis vars. Dis die rede waarom dit optree soos dit optree.) "Vrou, aanskou jou seun." 'n Miljoen myl nader aan haar as wat Hy was.

216 Hy was God. Hy was nie Jood of Heiden nie. Hy was God, beide vlees en liggaam. God wat in Hom gewoon het. God wat in die sperm van 'n vrou woon? Kon dit nie doen nie. Daardie sperm van die vrou moes iets te doen gehad het met ons vlees. Maar dit was die Bloed plus die sperm wat God oorskadu het.

217 Hy kon dit op die stomp gesit het as Hy wou. Ja, meneer. Hy kan dit enige plek sit waar hy wou.

218 Maar hy het dit gebring omdat die vrou in die val was. Daar het die onbevlekte Seun van die lewende God voortgekom, geskape, maagdelik gebore, beide liggaam en siel.

219 Waarom het Dawid gesê: "Ek sal nie sien My Heilige. . . My Heilige verderwing laat sien nie, My Heilige verderwing sien nie. Óf sal Ek Sy siel in die hel los nie"? Dawid het dit gesê. Sien? Beide siel, liggaam, en gees, is geskep deur God, deur Hom.

220 Die vrou was nie 'n moeder nie. Dit was 'n vrou. Ek glo sy was 'n goeie, heilige vrou. Absoluut. Sy was nog nooit 'n broeikas gewees nie. God sou nooit een of ander vuil broeikas kies nie. As die Here wil, preek ek daaroor vanaand, maar: "Wat is 'n ou vuil broeikas?" Om Syne te bring, Om Sy Seun na die aarde toe in te bring, Hy het "'n maagd gekies wat nie 'n man geken het nie." Ook het sy geen sperm afskeiding gehad of enigiets anders toe die Heilige Gees haar oorskadu het nie. Want, God, in Sy onbevlekte, oneindige manier, het in haar geskep: siel, liggaam, en gees, van Jesus Christus. Dis reg. Hy was die maagdelik-gebore Seun van God.

221 Wat het dit gedoen? Dit het die poort van die vyand gebreek. Halleluja! Sjoe! Dit raak goed, vir my. Kyk. Hoekom? Hy het die poort van die vyand net daar gebreek, dat elke mens wat gebore is in hierdie wêreld deur 'n seksuele begeerte, wat nie Hemel toe kan gaan nie omdat dit seks was wat dit laat begin het aan die begin, in die tuin van Eden, waarom hulle hulleself bedek het. Toe Hy dit gedoen het, het Hy daardie ding net daar in twee gebreek, en Hy het die poort van die vyand in besit geneem. Waardeur? Deur die Koninklike Saad van Abraham te neem, by die heel eerste keer, en dit tot onder af te breek. Die Koninklike Saad van geloof en belofte, nie 'n bevrugting van Maria nie, maar van God, het die poorte gebreek. Dis, laat die menslike wese deur die poort gaan. Glorie aan God!

222 Wat het Hy gedoen? Toe al die poorte van die vyand ingeneem. Hy het die poort van siekte ingeneem. Siekte kon nie in Sy Teenwoordigheid bestaan nie. Nee, meneer. Ook kon niks anders in Sy Teenwoordigheid bestaan nie. 'n Begrafnisstoet kon nie in Sy Teenwoordigheid staan nie. Nee. Wat het Hy gedoen?

223 Josua het gesterf. Moses het gesterf. Al die res van hulle het gesterf, maar nie hierdie Koninklike Saad nie. Dood kon nie staan waar Lewe was nie.

224 Daardie vrou van Nain, wat uitgekom het met haar seun. Gestop en gesê: "Staan op, seun."

225 Daardie meisie wat dood was, Jaïrus se dogter, Hy het 'n woord gespreek daar oorkant in die onbekende wêreld in daarbuite, en gesê: "Dogter, staan op."

226 Lásarus, vier dae dood en sy liggaam verrot, en sy siel wat al vir vier dae weg was van daar af. Hy het gesê: "Lásarus, kom uit." Glorie!

227 Daar is Hy. Wat het Hy gedoen? Hy het die seëls van alles gebreek. Halleluja!

228 Toe Hy toe moes sterf, kon Hy nie daardie lewe hou nie. Hy sou nooit gesterf het nie, maar Hy moes daardie lewe gee. En toe Hy daardie lewe gegee het, het Hy 'n dood gesterf. En Sy kosbare siel, soos die Bybel gesê het, het afgedaal in die hel, om my plek en jou plek in te neem. Die Koninklike Saad van Abraham! Die wat? Hy was die Koninklike Saad. O, glorie!

229 Nou is ons die Koninklike Saad, wat, wat by die Woord bly, net presies soos Hy was. "Want in die begin was die Woord, en die Woord was by God; en die Woord, vlees geword, en onder ons gewoon." Sien julle nie waar die Koninklike Saad lê nie? Die Koninklike Saad is dit wat by die Woord bly.

230 Julle swakkelinge wat gewillig is om toe te gee vir die duiwel, met sy modes van die wêreld. (Ek praat nie met julle hier nie.) Daarbuite, julle predikers wat weet dat julle preek die dae van wonderwerke is verby, julle preek daar is glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie, skaam julle, en dan julleself die Saad van Abraham noem.

231 Die Koninklike Saad bly by die Woord. Koninklike Saad, nie gebore uit die mens nie, niks te doen met man of vrou nie. Die vrou is die kerk; niks te doen met die kerk nie. Maria het niks te doen gehad met die Saad nie. Die kerk het ook nie, sogenaamde organisasie, enigiets te doen met die Saad nie. Is gebore uit wat? Nie uit 'n organisasie nie, nie Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, Lutheraan, ensovoorts nie.

232 Maar, gebore uit die Koninklike Saad van die belofte van God, dis die een wat die poort van die vyand inneem. Dis alreeds ingeneem namens hom. "Want as julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil, dit sal vir julle gedoen word." Daar het julle dit. Dis 'n belofte. Dis alreeds gedoen.

233 Sy kosbare siel het afgedaal na die hel, waarnatoe ek moes gegaan het. Maar op die derde dag. . . Simson wat die poort van die stad op sy rug gedra het, het niks daarmee te doen gehad nie. Hy het die poorte van die hel, die poorte van die graf, en al die res geneem. Hy het dit nie teen die berg opgedra nie, maar Hy het dit vernietig. Halleluja! Hy het die poort van die vyand in besit geneem.

234 Die atmosfere wat gevul is met die duiwel se mag, omhoog, dat Engele of niks kon afkom nie. Daar kon geen voorspraak wees nie, want die bloed van bokke kon nie sonde wegneem nie. Maar Sy Eie Bloed het sonde weggeneem.

235 En Hy het opgevaar in die Hoogte, gevangenes gevange geneem. Hy het gawes aan die mense gegee. Nou, elkeen van Abraham se Saad wat gewillig is om die prys te betaal, om af te kom en hulle sondes te bely, gedoop te word in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van jou sondes, hervul met die Heilige Gees, en die toets te deurstaan.

236 En wanneer hulle die wêreld uit jou uitkry, die dinge wat weg is, alles wat verkeerd is, alles wat verkeerd lyk, soos die vroue met hulle hare, die mans met hulle aanganery, en die kerke met hulle organisasies, en die—en die pastoor wat sal luister na sy diakens, en—en al daardie soort goed. Een of ander wêreldse klomp goed daar inkom en 'n arme pastoor laat, hom uit die kerk uitskop.

237 Gaan voort, pastoor. God seën jou. Bly reg by die Woord. Neem niks nie.

238 Hy het opgevaar in die Hoogte. Wat het Hy gedoen? Hy het 'n gat gesny, 'n poort, wat, die gebed van hierdie Saad van Abraham. Waarom? Waarom? As ons die Liggaam van Christus is, as ons dood is, reken ons onsself dood en begrawe in Christus, en opgewek saam met Hom in die opstanding. Hy is die Hoof van die Liggaam. Waar die Hoof is, is die Liggaam saam met Dit. En dan, vanmôre, waar elkeen wat dit gedoen het: "saam laat sit met Hom in hemelse plekke," saam met die Koninklike Saad. Prys God.

239 Geen poorte nie. Jy kan nie *so* ver bid, en sê: "O, o, *daar's* 'n woord," nie. Huh-uh. Hulle sal jou uitsluit, net daar.

240 Maar as ons hart ons nie veroordeel nie; as ons weet ons wandel volgens die gebooie van God; ons sien ons lewens gereinig; ons sien dit; elke Woord wat God beveel het, ons onderhou Dit; dan is die poorte van elke vyand in besit geneem. "Vra dan wat julle wil, dit sal vir julle gedoen word." "Hy sal die poort van sy vyand in besit neem." O, broer, watter kerk sou dit wees!

241 Wanneer ek weer terugkom na Phoenix, as die Here my toelaat, hoop ek, wanneer ek in hierdie tabernakel instap, dat hierdie kerkbanke vol sal wees, en elke kerkbank in die volle Evangelie beweging in hierdie stad vol sal wees van heiliges van die lewende God: lyk na Christen; praat soos Christen; optree soos Christene; met die Gees van God wat onder hulle beweeg, waar, as een sou sondig, die Heilige Gees dit dan reguit sal uitroep.

242 Dit sal dit doen. Julle het dit in die gebedsry gesien, soos hierbo op die altaar. Waar, sê: "Jy gaan terug daar en maak dit reg met jou man. Gaan, sê vir jou vrou dat jy uit was, eergisteraand, saam met daardie vrou, gesit het by 'n *sekere-sekere* plek." As Dit dit hier sal doen, deur in die Woord te wandel, te luister na daardie klein stil Stemmetjie, sal Dit dit in jou doen. Jy is Abraham se Saad. Dan, geen sonde nie.

243 Prediker, sou jy dit nie graag in jou kerk wou sien nie? In hierdie kerk instap, en hier afkyk *hier*deur, beide mans en vroue sien, goddelik, heilig, wat hier sit net vol van die krag van God. Sonde kon nie instap nie. 'n Man instap en gaan sit, die Gees opstaan en sê: "John Jones, jy kom van *so-en-so* af, 'n stad, 'n *sekere-sekere* plek. Hy is hier om genesing vir sy liggaam te vind.

Sien? Hy het 'n *sekere* ding gedoen by 'n *sekere* plek. Hy het *dit* gedoen, en hy het geneem. . . het, neem *hierdie* terug, maak *hierdie* reg, dan sal God hom genees van daardie kanker. SO SPREEK DIE HERE." Goeiste, goeiste!

244 Gee vir my 'n kerk, gee vir my tien manne, wat, regte juwele van God, die Koninklike Saad, sit daardie manne bymekaar, en kyk wat sal gebeur. Gee vir my hierdie huisie vol mense soos daardie, en ek sal vir julle 'n Lig wys waarnatoe die wêreld sal hardloop. Dis reg. Dis wat God wil hê ons moet wees. "Julle is 'n stad op 'n heuwel." Julle is Koninklike Saad van Abraham. "Dit sal die poort van sy vyand in besit neem."

245 Siekte, daar's 'n oorsaak vir siekte. Daar's 'n oorsaak van hierdie dinge. En God, die Heilige Gees, is hier om daardie ding te openbaar en vir julle te sê waarom julle dit nie kry nie. Wat is die probleem met ons? Ons hoef nie te wonder: "Sal Dit dit doen nie." Dit doen dit alreeds. Wat doen jy?

246 Hou daardie profeet dop. Hy het nie geluister na die magtige rukwind nie: "Glorie aan God! Halleluja!"

247 Dis goed. Nou, onthou, ek veroordeel dit nie. Ek hoop almal verstaan dit. Iemand het gesê: "Broer Branham glo nie in sê: 'Glorie aan God! Halleluja!' nie." Wel, kyk nóú na my hierbo. Ek glo in uitroep, praat in tale, dans in die Gees.

248 Maar, broer, wanneer jy nalaat om daardie stil klein Stemmetjie van die Woord te hoor, dis die ding wat jou kry. Dis die ding.

249 Elía het geweet hierdie hele herlewing gaan buite aan. Maar hy was. . . Dit het hom nooit daar na buite aangetrek nie. Maar toe hy daardie klein stil Stemmetjie van God gehoor het, toe is hy aangetrek. En hy het sy gesig gesluier, uitgekom. Waarom? Elía was die Saad van Abraham, wat die Woord gevolg het.

250 "As julle in My bly en My Woorde in julle, vra dan wat julle wil, dit sal vir julle gedoen word."

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

251 O, kerk, hoe, wanneer ek klaar gepreek het soos daardie, hoe ek voel! Die Gees val weg van my, en ek kyk agtertoe. Ek sien mense wat werklik in hulle sakke sal insteek en kos van hulle kinders sal wegneem, om dit vir my te gee. Ek sien klein vroutjies hierbinne, miskien met kort hare. Wat sou hulle doen? Hulle sou enigiets in die wêreld vir my doen, wat hulle kon. Man wat saam met 'n vrou soos daardie lewe, en ek wat hom net stukkend skeur, met daardie Woord, hom seermaak, sy gewete wat sak. En tog sal daardie man hier uitgaan en afsloof, en vir my sy tiende stuur. Reg. Dit laat my voel, sien, ek het teruggegaan na die vlees dan, julle sien, wat, wat het ek gesê? Ek bedoel nie om seer te maak nie. Dis nie dit nie.

252 Maar, o, broer, en my dierbare sustertjie en broertjie, as dit God se Woord is, en hierdie Sy Gees is wat daardie Woord laat lewe, vir julle, wat sal dit wees by die Oordeelsdag? Ek probeer julle gereedmaak vir daardie dag. Asseblief, neem asseblief net Sy Woord. As ek ooit enigiets preek wat nie die Woord is nie, 'n belofte van God, dan het julle 'n reg om na my toe te kom. Maar dis die Woord. En dis omdat ek julle liefhet.

253 Is nie omdat ek—ek julle in die boot wil hê nie. Is omdat die boot julle nie sal deurdra nie. Julle gaan verongeluk, een van hierdie dae.

254 Julle moet na die Oordeel toe kom. "Skuldig aan die geringste is skuldig aan die geheel." En as jy weet enigiets is reg om dit te doen, dis die Woord van God en 'n belofte om dit te doen, jy dit dan nie doen nie, dan wat daarvan? Jy sal gevra word om 'n rede te gee, wat dan? Wanneer hierdie Boodskap vanmôre jou oorkant op die skerm in die gesig staar, op die Oordeelsdag, wat daarvan? Dink daaraan, vriende. Jy mag sterf voor die dag verby is. Almal van ons mag. En een ding is seker, jy gaan sterf.

255 Ek het nou die dag gestaan en my ma dopgehou, ek wat haar op my arm gehou het. Ek het my pa vasgehou 'n rukkie tevore, en hom sien gaan.

256 Ek het hulle sien afkom aan die einde van die pad, wat gedink het hulle is eintlik heeltemal reg. Sê: "O, Broer Branham, o, as ek nog net 'n bietjie langer kan lewe!" Te laat dan. En onthou, dood verander nie die siel nie. Dit verander net sy woonplek. En as jy dit sien, iets binne-in jou. Wees nou verstandig. As jy dit sien, iets binne-in jou laat jou so optree en so voel, soos jy nie moet voel nie, bely vanmôre, sal jy, vriend? Kom. Wees. . . Jy hoef nie so te wees nie. Jy's 'n ellendige persoon. Leef 'n ware Koninklike Saad lewe. God wil jou vandag hê.

257 Sal jy jou hand opsteek, terwyl jou hoof gebuig is, en hart. Sê: "Broer Branham, ek steek my hand op na God. Eerlik, uit my hart, dis wat ek wil wees. Dis regtig wat ek wil wees. Ek het—ek het opgemors geraak hierbuite en al die res, maar eintlik wil ek—ek nie so wees nie. Ek wil wees waarvan jy gepraat het vanmôre. Bid vir my, Broer Branham. Ek steek my hande op na God, nie na jou nie, Broer Branham, maar na God. En in my hart, Hy ken my hart. Ek verlang om die soort Christen te wees waarvan jy praat, 'n koninklike Saad van Abraham, deur Jesus Christus." Steek nou jou hand op en sê: "Ek sal. . . Bid vir my, Broer Branham." God seën jou. God seën jou. Sekerlik sal Hy dit vir jou doen.

258 Ons Hemelse Vader, in die Lig van U Woord, in die krag van U opstanding! En ek besef, Here, dat arme mense baiekeer verstrengel geraak het hierbuite, deur verskillende. Die mense weet skaars wat om te doen; een wat kom, een ding sê; en een wat kom, iets anders sê.

259 En hier in Phoenix, hierdie groot stad, van—van, wel, toeriste, waar alles van oor die land daar indryf, beide fisies en geestelik. Gestaan op die berg, nou die dag, en gedink hoeveel keer God se Naam ydelik gebruik word in 'n dag hieronder, hoeveel owerspel gepleeg word, hoeveel sonde en gemors in die strate hier, en kroeë en kroegvlieë, en alles, baie van hulle wat bely om gelowiges te wees, Christen!

260 Vroue wat in die straat afgaan, met 'n sigaret in hulle hand. Loop met onsedelike klere aan, wanneer U gesê het dit stink voor U: "Dis 'n gruwel," soos 'n ou vuil, vieslike, stinkende urinaal iewers. O God, hoe kan 'n vrou wat aanspraak maak om die Heilige Gees te hê so-iets doen, en weet dat in die Verlosser se neus, dit soos daardie ruik, stink? Hoe kan Hy so-iets soos daardie in Sy Koninkryk hê? Vader, as hulle net geweet het, hulle is 'n miljoen myl weg Daarvan?

261 Ek bid, God, wees genadig. Niemand wil na daardie ryke van die verlorenes toe gaan nie. Niemand wil afgaan soontoe nie, Vader. Ver is dit van enige van ons om te gaan. Tog daar onderin is 'n goeie hart in daardie persoon, daardie man, daardie vrou, 'n man of vrou wat mensliewend en goed en goedhartig is, en net mislei is deur die duiwel. Die duiwel het dit gedoen.

262 Satan, ek's teen jou, omdat jy 'n vyand van my Here is. Jy's 'n vyand van Sy Woord. En ek beveel jou, deur Jesus Christus, die Seun van God, as 'n sterfling, in die wete dat ek geen krag het in myself nie. Ek het geen krag om jou te stop nie. Ek het geen krag om enige van hierdie vroue hulleself te laat skoonmaak, enige van hierdie mans, wat na hierdie bandopname luister, of—of waar ook al nie. Ek het geen manier om hulle hulleself te laat skoonmaak nie. Ek's magteloos. Maar ek het die gesag van God se Woord, as 'n dienaar, om Dit te preek, en pligsgebonde aan daardie gesag. Hierdie polisieman hierbuite het ook nie die krag om 'n motor te stop nie, maar hy het die gesag om dit te doen.

263 En, Satan, jy mag maar net sowel jou remme laat skree, want ek beveel jou, deur Jesus Christus, dat jy hierdie mense loslaat, dwarsdeur die wêreld, waar hierdie Boodskap ook al mag heengaan. Laat los hulle. Ek eis hulle, dat hulle gekoop is. Hulle is nie hulle eie nie. Hulle is gekoop met 'n prys, die Koninklike Saad van Abraham, die Here Jesus.

264 Jou vuil, vieslike, stink skynheilige, bedrieër van mense, wat hulle blindelings lei na die slote van die hel, laat los hulle. Ek beveel jou, deur die lewende God, deur die Offer van Sy Seun, Jesus, dat jy hulle loslaat, dat hulle siele verkwik kan word met Sy seën en met Sy Teenwoordigheid, dat hulle die poort van elke vyand in besit kan neem. [Leë kol op band—Red.] Jy laat hulle wag vir *dit*, *dat*, of die *ander*, of een of ander heilige aanraking, of iets anders, maar ek sê jy gaan jou houvas verloor.

265 Hoe kan siekte staan in 'n salwing soos hierdie? Net as hulle weier om oorkant te kyk na die belofte soos vader Abraham het, toe hy Hom kon sien kom, in 'n figuur, honderde jare weg.

266 Laat los hulle. In die Naam van Jesus Christus, laat daardie mense gaan.

267 Mag die krag van God, die begrip van die Woord, soos hulle vanmôre Daarmee gewas is, mag die begrip van die hou van God se Woord en Sy belofte as waar, 'n houvas wat nie deur Satan gebreek kan word nie. Mag elkeen daardie belofte beetkry, sê: "Hierdie is Dit. Ek hou Daaraan vas. God het die belofte gemaak. Ek's die saad van Abraham. Hoe kan ek Sy belofte betwyfel?" En reguit aanbeweeg, deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

Ek het Hom lief . . .

268 Dit was skerp vanmôre, vriende. Kom ons aanbid nou in soetheid.

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

269 Kan dit moontlik wees, nie ontheiligend nie, sekerlik nie . . . Dit is—is godsdienstig. Laat ons ons hande opsteek na Hom wat ons liefhet. En sê:

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

270 Nou, aan elke vrou of meisie hierbinne, hierdie is my hand. God het julle lief. Aan elke man of seun hierbinne, God het julle lief. Ek het julle lief. Nou, ek kan nie uitreik en elkeen van julle hande neem nie, maar God betuig aan julle wat ek bedoel. Terwyl ons dit weer sing, draai net om en skud hande met iemand. "Hieraan sal alle mense weet dat julle My dissipels is, wanneer julle mekaar liefhet." Ek . . .

My verlossing gekoop
Op Gólgota se boom.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

271 Is julle nie lief vir Hom nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daardie soet gevoel van die Heilige Gees! Die Woord is 'n reinigingsproses, skuur jou net uit, maak jou 'n nuwe skepsel, neem alles weg. Die Woord is skerper as 'n tweesnydende swaard, besny, sny al die dinge van die wêreld af. Sien? Dan voel ons skoon, uitgeskuur, aanvaar en glo Hom. Dis hoe ons kan sing:

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota.

272 Dit pragtig? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek het dit net lief met my hele hart. Sien? Kom ons probeer dit weer, almal nou, werklik, so hard as wat jy kan nou.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota.

En Jou Saad Sal Die Poort Van Sy Vyand In Besit Neem AFR62-0121M
(And Thy Seed Shall Possess The Gate Of His Enemy)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 21 Januarie 1962, by die Faith Tabernakel in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org